# RENTMEESTERSKAP HANDLEIDING



Suider-Afrika Indiese-Oseaan Divisie / Rentmeesterskap Departement
Mundia Liywalii

# RENTMEESTERSKAP HANDLEIDING

# INHOUD


INLEIDING ... xix
OORSPRONG VAN RENTMEESTERSKAP ... 1
MENSE IS RENTMEESTERS NIE DEUR KEUSE NIE MAAR DEUR VOORAFBEPLANNING ... 2
RENTMEESTERSKAP HET DIE MENSLIKE RAS LAAT BESTAAN ... 2
ADAM EN EVA MOES NET BESTUUR EN NIE DIE EIENAARS WEES NIE ... 4
**RENTMEESTERSKAP VAN TYD ... 6**
TYD IS BELANGRIK OMDAT GOD WAARDE DAARAAN GEHEG HET ... 6
TYD IS 'N MAATSTAF VAN DOELTREFFENDHEID (PREDIKER 9:10) ... 7
TYD STEL ONS IN STAAT OM MENSE SE OUDERDOM TE BEPAAL (PS 90:10) ... 7
TYD GEE ONS 'N SIN VAN DRINGENDHEID (EFE 5:16) ... 7
TYD LAAT ONS TOE OM RUS TE GENIET ... 8
TYD BEKLEMTOON DIE SABBAT SE BELANGRIKHEID ... 8
GOD WIL HÊ DAT ONS GOEIE RENTMEESTERS VAN TYD MOET WEES ... 9
GOD GEE ONS TYD OM VIR DIE EWIGHEID VOOR TE BEREI ... 9
**TALENTE ... 11**
VERKRYGING VAN TALENTE ... 11
IDENTIFISERING VAN U TALENT ... 12
ONTWIKKELING U TALENT ... 15
MISBRUIK VAN TALENTE ... 15
TYD AS 'N TALENT ... 16
**HOU U LIGGAAM GESOND ... 19**
SYNE DEUR SKEPPING ... 19
SYNE DEUR VERLOSSING ... 19
DIE LIGGAAM IS 'N TEMPEL ... 20
DIE EIENAAR VRA ONS OM HOM TE VERHEERLIK ... 20

**RENTMEESTERSKAP VAN RYKDOM ............................................................. 22**

IS OM RYKDOM TE HÊ OP SIGSELF SLEG? ................................................. 22

JOB ................................................................................................................ 23

ABRAHAM........................................................................................................23

DIE RYK JONGMAN ......................................................................................... 24

JOSEF VAN ARIMATHÉA ................................................................................. 24

WIE GEE MENSE KRAG OM RYK TE WEES? ................................................ 25

DIE GEVAAR VAN ONS TYD ........................................................................... 25

DOEL VAN RYKDOM ........................................................................................ 26

**DIE SABBAT - 'N OPROEP VIR ENTREPENEURSKAP .................................. 28**

GEDENK DIE SABBAT OM DIT HEILIG TE HOU ............................................... 28

GOD HET WERK ONTWERP VIR ONS VOORDEEL ....................................... 29

SEËNINGE DAARVAN OM TE WERK.............................................................. 30

WAAROM MENSE FAAL OM DIE SABBAT TE HOU ............................. .......... 31

DIE MENS SE WERK IN SES DAE .................................................................... 32

REDES WAAROM SOMMIGE MENSE NIE WIL WERK NIE ............................... 34

**DIE BELANRIKHEID VAN TIENDE ..................................................................... 35**

DIE PDF TIENDE ....................................................................................35

DIE PERSENTASIE ......................................................................................36

DIE BESTEMMING ......................................................................................... 36

FUNKSIE ........................................................................................................... 38

WAT HELP TIENDE ONS OM TE ONTHOU ? ................................................... 40

WAAROP BEHOORT TIENDE TERUGGEGEE TE WORD, DIE BRUTO OF DIE NETTO ? ......................................................................................................... 42

**OFFERGAWES: DIE MATE VAN WAT ONS BELY ......................................... 43**

DIE BETEKENIS VAN OFFERGAWES ............................................................. 43

WAAROM GEE ONS OFFERGAWES ................................................................ 45

TEN EINDE NADER AAN GOD TE KOM ........................................................... 45

OM ONS LIEFDE VIR GOD TE TOON................................................................ 45

OM ONS DANKBAARHEID AAN GOD TE TOON.............................................. 46

OM OFFERGAWES TE GEE VOORSIEN ONS MET 'N PLATFORM OM GOD NA TE VOLG - DIE GROOT GEWER .......... 48

**HOEVEEL BEHOORT 'N PERSOON TE GEE AS OFFERGAWES? .......... 50**

SOOS WAT IN DIE HART VOORGENEEM WORD .......... 50

OM TE LEER HOE ANDER IN DIE VERLEDE GEGEE HET .......... 50

DIE LIG WAT ONTVANG IS EN DIE OMVANG VAN DIE TAAK OP HANDE .......... 51

**GEKOMBINEERDE OFFERGAWEPLAN .......... 54**

**DOELBEWUSTE BESOEK .......... 56**

DIT IS GOED BEPLAN .......... 56

DIT WORD GETEIKEN .......... 56

DIT IS 'N PROGRAM WAARVOOR GEBID WORD .......... 56

DIT IS GEFOKUS .......... 56

DIT WORD OPGEVOLG .......... 57

DIT IS VERTROULIK .......... 57

DIT IS VERLOSSING GESENTREERD .......... 57

DIT BEANTWOORD VERSKONINGS EN BESWARE .......... 57

DIT STEL DIE KLIËNT NIE IN DIE VERLEENTHEID NIE .......... 58

DIT IS RESULTAAT GEORIËNTEERD .......... 59

DIT VERHOOG DIE EEN WAT BESOEK WORD NA DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD .......... 59

**OM GOEDERE TE GEE .......... 60**

OM GOEDERE TE GEE, IS MAKLIK .......... 60

ALMAL KAN GEE .......... 61

GEWERS VAN GOEDERE NEIG OM NA TE SPOOR WAT HULLE GEE .......... 62

WEES VERSIGTIG WANNEER 'N PRYS GEMAAK WORD .......... 62

WAT AS GOEDERE GEGEE WORD, KAN MAKLIK WANBESTUUR WORD .......... 62

GEE KWITANSIES .......... 63

HOU U BELOFTE .......... 63

**MOTIVERENDE FAKTORE OM TE GEE .......... 65**

GOEIE GEVOELENS .......... 65

DEERNIS VIR DIE WAT SWAAR KRY .......... 65

DIE BEGEERTE OM GESIEN TE WORD ....................................................................65
LIEFDE .......................................................................................................................... 65
DIE RENTMEESTERSKAP MOTIEF ............................................................................ 66
DIE WEDERKERIGE MOTIEF ....................................................................................... 66
BELONINGS.....................................................................................................................66
DIE THEOS FAKTOR ..................................................................................................... 67
**SKULD: DIE EWIG-TEENWOORDIGE GEVAAR VIR GETROUHEID ..................... 68**
DIT MAAK DIE GESIN SLAWE VAN DIE SKULDEISER (SPREUKE 23:7) ................. 68
SKULD LEI NA VERDERE SKULD ................................................................................ 68
SKULD SAAI SADE VAN WANTROUE TUSSEN EGGENOTE ...................................69
SKULD VEROORSAAK KONFLIK IN DIE HUIS ........................................................ 69
SKULD STREM DIE VOORUITGANG VAN DIE GESIN ............................................. 69
SKULD MAG 'N PERSOON UIT DIE HUIS DRYF ....................................................... 70
SKULD KAN LEI TOT BEHOEFTIGHEID........................................................................ 70
DIT LAAT ONS BEHEER VERLOOR OOR ONSSELF EN WAARVOOR ONS GEWERK HET ............................................................................................................. 71
SKULD KAN DIE TOEKOMS VAN KINDERS RUÏNEER .............................................71
DIT LAAT DIE GESIN WANBETAAL OP NIE-ONDERHANDELBARES - TIENDE EN OFFERGAWES ................................................................................................ 71
**HOE OM SKULD TE VERMY ........................................................................................ 73**
TEVREDENHEID (1 TIMOTHEÜS 4:6-9) ...................................................................... 73
LEER OM TE SPAAR (PREDIKER 11:1) ........................................................................ 73
WERK OP 'N BEGROTING (LUKAS 14:28) ................................................................. 74
MOENIE OOR-AMBISIEUS WEES NIE ........................................................................ 74
VERMY MOOI STORIES VAN DIEGENE IN SKULD .................................................. 75
WAAR MOONTLIK VERMY OM DINGE TE KOOP OP KREDIET/HUURKOOP....... 75
VERMY VEELVULDIGE LENINGS VAN FINANSIËLE UITLENERS ......................... 75
WEES VERSIGTIG WANNEER U ADDISIONELE MANIERE OORWEEG OM EKSTRA GELD TE VERDIEN ..............................................................................76

VERMY DIT OM DRUK OP U EGMAAT TE PLAAS OM MEER TE VOORSIEN AS WAT HY/SY KAN ....76
BRING U TIENDE EN OFFERGAWES TERUG ....76
WAT OM TE DOEN INDIEN U ALREEDS IN DIE SKULD IS ....77
**RENTMEESTERSKAP VAN WIE ONS IS ....79**
ONS HET WAT BAIE ANDER NIE HET NIE ....79
ONS VERSTAAN DIE BYBEL MET 'N DUIDELIKHEID WAT BAIE SOEKERS BEGEER .... 80
ONS HET 'N UNIEKE BYBEL-GEBASEERDE VERTOLKING VAN PROFESIE .... 80
ONS WEET MEER AS ANDERE .... 81
WAT IS DIE IMPLIKASIES? .... 81
ELKEEN MOET SY/HAAR DEEL DOEN .... 81
WEES GETROU AAN ONS MISSIE DEUR TIENDE EN OFFERGAWES TERUG TE BRING .... 81
ONS SAL AANSPREEKLIK GEHOU WORD VIR DIE BESTUUR VAN WIE ONS IS EN WAT ONS HET .... 82
**HOE OM U PROMOSIES DOELTREFFEND TE MAAK ....83**
BID VOORDAT EN TERWYL U PROMOSIE DOEN .... 83
GLO WAT U LEER .... 83
LEEF WAT U LEER .... 83
GLO DAT RESULTATE SAL VOLG .... 84
WEES LIEF VIR WAT U DOEN .... 84
WEES LIEF VIR DIE MENSE WAT U BEDIEN (2 KOR 5:14) .... 84
GEBRUIK CHRISTUS SE METODES .... 85
**KENMERKE VAN 'N RENTMEESTERSKAP-BEWUSTE KERK .... 86**
LIEF VIR DIE LIDMATE (2 KOR 5:14) .... 86
PLIGSGEBONDE OM LIDMATE TE LEER OM GETROUE RENTMEESTERS TE WEES .... 86

DIT IS BEWUS DAT ONTROUHEID MENSE WEGDRYF VAN GOD ........................87
DIE KERK HET STATISTIEKE BYDERHAND ..........................................................87
DIT STEL BELANG IN DIE GEESTELIKE GROEI VAN LIDMATE ............................88
DIT WEET WAAR LIDMATE WOON ...........................................................................88
LEIERS LEI DEUR VOORBEELD ................................................................... 89
DIT NEEM RENTMEESTERSKAP NA DIE MENSE ................................................ 89
DIT MOEDIG MENSE AAN OM DIE GERIEFLIKSTE METODE TE BENUT
OM TE GEE ...................................................................................................... 90
DIT BEKLEMTOON DISSIPLINE IN PERSOONLIKE FINANSIES ............................90
LEIERS VREES OM ENIGE VAN HULLE LIDMATE TE VERLOOR ........................90
**DIE RENTMEESTERSKAPSEKRETARIS ........................................................... 92**
BRING USELF OP HOOGTE MET ALLES WAT DIE KERKHANDLEIDING SÊ
OOR U DEPARTEMENT ........................................................................... 92
DOEN DIT WAT DIE KERKHANDLEIDING SÊ U BEHOORT TE DOEN ................ 92
WEES LIEF VIR DIE MENSE WAT U BEDIEN (2 KORINTHIËRS 5:14) ................. 92
BESIT 'N DROOM VIR U KERK ............................................................................ 93
MOENIE TE VEEL STAAT MAAK OP DIE RENTMEESTERSKAP KOMITEE/
RAAD NIE ........................................................................................................ 93
DIE VERLOSSING VAN U LIDMATE IS OP DIE SPEL .......................................... 94
LEER OM DIE HART TE BEREIK NIE DIE VERSTAND NIE ................................. 94
WEES MISSIE-GEORIËNTEERD ........................................................................ 94
WEES 'N INVOERDER VAN NUWIGHEDE .......................................................... 95
GEE PERIODIEKE TERUGVOERING .................................................................. 95

Hierdie werk het kopiereg en mag nie geherproduseer of versprei word in druk of elektroniese media sonder die skrywer se spesiale toestemming nie. Herprodusering, verspreiding en versending van hierdie werk, ten volle of gedeeltelik, vir kommersiële doeleindes word nie toegelaat nie.

Kopiereg 2019 Mundia Liywalii Alle regte voorbehou
Geredigeer deur Ruben Mitchell
Gepubliseer deur: Suider-Afrika Indiese-Oseaan Divisie

ISBN:978-0-620-84709-4 (Engels)
Omslagontwerp: Leomut Stationery Print and Publishing
Gedruk deur: Leomut Stationery Print and Publishing

# ERKENNING

Wanneer u begin om 'n lys te maak van name van mense wat bedank moet word vir hulle bydrae tot 'n projek, is die risiko om belangrike mense uit te laat vanselfsprekend. Hierdie taak moet egter uitgevoer word, en die volgende verdien om gemeld te word: Dr Solomon Maphosa het my in ons eerste vergadering uitgedaag om 'n geskrewe werk te verskaf om in ons divisie te help en ek het onmiddellik met die taak begin. Sonder hom, sou hierdie boek nie geskryf gewees het nie.

'n Spesiale dank gaan aan my kollegas in die unies wat die inisiatief ondersteun het en om die wye verspreiding van die Handleiding in hulle gebiede te ondersteun. Ek bedank ook my gesin, wat tydens die skryfproses ondersteunend gebly het. Laaste, maar nie die minste nie, gaan alle lof aan God van wie alle seëninge kom vir die geleentheid wat aan my gegee is om Hom in hierdie geliefde departement te dien en my die idees gegee het wat in hierdie boek uiteengesit is.

*Hierdie handleiding word toegewy aan alle Rentmeesterskapopvoedkundiges in die Suider-Afrika Indiese-Oseaan Divisie*

# VOORWOORD

Dit verskaf my groot vreugde om die voorwoord vir hierdie Rentmeesterskap Handleiding te skryf wat ek glo sal bydra tot die noodsaaklike leesstof op hierdie gebied. Om die leser voor te stel aan die onderwerp op hande, begin die skrywer met die oorsprong van rentmeesterskap en voer aan dat mense rentmeesters is deur skepping en dat die roeping wat aan hulle gegee is selfs voor die skepping, rentmeesterskap was. Die menslike bestaan is gekoppel aan rentmeesterskap.

Die hoofstuk oor rykdom is insiggewend en rentmeesterskapopvoedkundiges sal nie hulle taak vervul het indien hulle hierdie aspek van hulle onderrig uitlaat nie. Terwyl sommige dink dat om ryk te wees nie goed is vir Christene nie, sê die Bybel nie so nie. Inteendeel, die Bybel gee voorbeelde van mense wat baie ryk was en nogtans getrou gebly het aan hulle God. Ek het die volgende stelling van Ellen G. White boeiend gevind dat, "Die begeerte om rykdom te verwerf is 'n ingeskape neiging, deur ons hemelse Vader vir 'n edele doel toebedeel." *Raad oor Rentmeesterskap,* 148.

Terwyl die vierde gebod gebruik word om te bewys dat ons op 'n vaste grondslag is sover dit die dag van aanbidding betref, sal die leser saamstem met die skrywer dat deur hierdie gebod God van ons verwag om te werk en sodoende in staat te wees om onsself en Sy werk te ondersteun. Indien die gees van die Sabbat gehou sou word soos wat dit behoort, sou die lewenstandaarde van God se volk anders wees aangesien hulle die ses dae sou gebruik om hulle lewens te verbeter.

Soos wat mense betrokke raak in aktiwiteite wat hulpbronne vir hulleself verskaf, en om God se werk te ondersteun, behoort groot versigtigheid aan die dag gelê te word deur diegene wat die verantwoordelikheid opgelê is van goedere wat gegee is, te bestuur

Die skrywer gee praktiese voorstelle in die hantering van tiende of offergawes van goedere. 'n Persoon kan nie baie met die skrywer saamstem wanneer hy skryf dat mense wat goedere gee, geneig is om belangstellend te volg dit wat gegee is. Niks sal eintlik diegene wat goedere gee meer mismoedig maak as om te sien dat wat hulle vir die Here gegee het, misbruik word of vermors word nie.

Met so baie nuwe lidmate wat in die kerk inkom, behoort die onderwerp van tiende en offergawes gedurig voor ons gemeentes gebring te word. Inderdaad is dit nie slegs nuwe lidmate wat hierdie lesse nodig het nie; ou lidmate het ook nodig om van tyd tot tyd herinner te word. Tiende en offergawes is die middele wat God bepaal het om Sy werk klaar te maak. Wanneer middele beskikbaar is, sal die evangelie na alle dele van die wêreld gaan en dan sal die einde kom.

Indien 'n persoon egter nie skuldvry is nie, sal getrouheid in tiende en offergawes 'n vername uitdaging wees. Dit is daarom bevredigend dat die skrywer voorsiening gemaak het vir die vraag oor skuld.

Daar is egter meer in hierdie boek gedek as wat hier beklemtoon is en om daardie rede, nooi ek u uit, liewe leser, om die boek te lees en die inhoud daarvan in u lewe toe te pas. Ek beveel hierdie boek aan om gebruik te word in ons divisie kerke om te help om God se volk voor te berei om Hom te hoor sê, “welgedaan goeie en getroue dienskneg."

Solomon Maphosa, Dr

Suider-Afrika Indiese-Oseaan Divisie

President.

# INLEIDING

Vandag hou u in u hande die *Rentmeesterskap Handleiding*, wat gebore was uit die behoefte om 'n hulpbron te hê wat sommige spesifieke gebiede op die terrein van rentmeesterskap aanspreek. Die inhoud van hierdie boek is geskoei om verskillende kategorieë van gebruikers te bereik. Terwyl dit 'n oproep op 'n persoonlike vlak aan 'n individu maak, sal 'n rentmeesterskapopvoedkundige die boek net so handig vind. Die inhoud van elke hoofstuk kan maklik in notas vir 'n lesing omgeskakel word.

Aangesien die onderwerp van Rentmeesterskap alle fasette van ons lewens dek, sal die leser onderwerpe teëkom soos die oorsprong van rentmeesterskap, talente, skuld, om goedere te gee, tiendes en offergawes en nog baie meer. Wanneer God se volk 'n alomvattende begrip het van rentmeesterskap, sal hulle dikwels getroue bestuurders word van die hulpbronne wat God aan hulle toevertrou het.

Die boek wy 'n hele hoofstuk toe aan die Rentmeesterskapsekretaris, as gevolg van die rol wat hierdie ampsdraer in die plaaslike kerk vervul. Die Rentmeesterskapsekretaris is miskien die belangrikste persoon in die ketting van rentmeesterskap-opvoedkundiges omdat, anders as Direkteure, hy of sy op 'n daaglikse basis in kontak met die lidmate is.

Die leser word genooi om 'n rentmeesterskapavontuur te onderneem deur deur die bladsye van hierdie boek te gaan. Die lesse wat op die weg verkry sal word, is bedoel om u voor te berei vir die vreugdes van die toekomstige lewe, en dit is ons gebed dat die Heilige Gees u sal bystaan terwyl u lees en almal van ons beter rentmeesters van God sal maak.

# DIE OORSPRONG VAN RENTMEESTERSKAP

Rentmeesterskap, anders as menslike versinsels, het nie gekom as gevolg van die mens se versoek vir begrip of sy begeerte om te sien dat dinge reg moet verloop nie. Dit het nie ewe skielik ontstaan omdat die mensdom besef het dat tensy drastiese maatreëls getref word, dinge van balans af sal wees nie. Inteendeel, rentmeesterskap is 'n breinkind van God, wie oneindig is in wysheid. In Sy oneindige wysheid het Hy gesien dat tensy die mensdom gelei was, daardie spesiale spesie 'n gevaar vir homself sou wees deur aan homself die reg van God toe te skryf.

Voordat Adam en Eva geskape was, was die idee van die spesiale verantwoordelikheid wat hulle s'n sou wees wanneer hulle tot bestaan gebring word, alreeds in die gedagtes van God. Die Bybel sê daarom in Genesis 1:26-28:

"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip."

Wat kan ons leer uit die gedeelte hierbo?

Daar is 'n paar lesse wat studente van die Bybel kan kry uit die bogenoemde versies. Hier is sommige daarvan:

## 1. MENSE IS RENTMEESTERS NIE DEUR KEUSE NIE MAAR DEUR VOORAFBEPLANNING

Op dieselfde manier wat niemand kies om gebore te word nie, kies niemand om 'n rentmeester te wees nie. Om 'n rentmeester te wees, word nie vir menslike wesens oorgelaat om oor te besluit nie. Miskien het God geweet dat indien dit aan ons oorgelaat sou word om te besluit, ons nie sou besluit om rentmeesters te wees nie. Van die begin af het Hy ons ingestel om rentmeesters te wees. Dit is waarom selfs diegene wat geen kennis van God het nie, weet hoe om te sorg vir dit wat aan hulle behoort.

Terwyl menslike wesens nie die vryheid gegee was om te kies of hulle rentmeesters wil wees of nie, kan hulle besluit om *getroue* rentmeesters te wees of nie. Dit is die kern van rentmeesterskap - om te besluit om getrou te wees of nie. In sy skrywe aan die kerk in Korinthe het Paulus gesê, "En verder word van die bedienaars vereis dat hulle getrou bevind moet word" (1 Kor 4:2). Alhoewel daar van ons vereis word om getrou te wees, is ons vry om te kies of nie om aan hierdie vereiste te voldoen. Baie studente wat in die eksamenlokaal ingaan versuim om selfs te voldoen aan die basiese vereistes wat in die vraestelle uiteengesit word. Byvoorbeeld, een vereiste vir 'n wiskunde eksamen sou waarskynlik wees vir elke kandidaat om 'n wiskunde instrumentstel te bring. Sommige sal dit bring en sommige sal nie. Elke mens het 'n keuse om te maak - om 'n getroue rentmeester te wees of om ontrou te wees. Ongelukkig is daar geen middeweg nie.

## 2. RENTMEESTERSKAP HET DIE MENSLIKE RAS LAAT BESTAAN

Soos wat ons vroeër gesê het, Adam en Eva se pligte was aan hulle toegewys voordat hulle geskape was. Wat hulle sou wees, was vasgestel voordat hulle tot bestaan gekom het. Dit kan gesê word dat sonder rentmeesterskap, die menslike wesens dalk nie sou bestaan het nie. Ons was tot bestaan gebring, onder andere, om vir God se skepping te sorg. God wou hê dat iemand na Sy skepping

moes omsien, en daarom het Hy in Sy wysheid, Adam en Eva geskape. Indien rentmeesterskap een van die redes vir ons bestaan is, dan het dit ernstige implikasies vir almal op Planeet Aarde. Wat is daardie implikasies?

a. Onvermoë om te wees waarvoor ons geskape was, voorspel ondergang vir ons.

Aangesien ons skepping op die basis was om rentmeesters van God se skepping of middele te wees, spreek dit vanself dat onvermoë om te voldoen aan daardie bloudruk beteken om die risiko te loop dat ons

ons bestaan kan verloor. Die voortgesette verblyf van Adam en Eva in die tuin van Eden, het afgehang van hulle getrouheid aan die mandaat wat God aan hulle gegee het. Op dieselfde manier hang menslike wesens se voortgesette lewensbestaan af van hulle vasklewing aan die wet van getrouheid. Enigeen wat kies om 'n ontroue rentmeester te wees, behoort dit te oorweeg om sy of haar aansoek te wees om nie slegs hierdie lewe nie maar dit wat gaan kom te verlaat, en tensy daar 'n verandering van hart is, sal die versoek toegestaan word. Die feit dat mense nie onmiddellik sterf nie, neem nie die waarheid weg dat niemand wat deur God ontrou bevind word, Sy koninkryk sal binnegaan nie.

b. Ons is aanspreeklik vir hoe ons vir God se skepping sorg

Op dieselfde manier wat God vir Adam en sy vrou gevra wat hulle gedoen het nadat hulle van die verbode boom geëet het, sal Hy van elke rentmeester rekenskap eis van sy of haar rentmeesterskap. Hierdie is bewys deur die gelykenis wat Jesus gegee het oor die ontroue rentmeester wat gevra was om verslag te doen van sy rentmeesterskap (Lukas 16:1-2). Ja, alhoewel niemand in hierdie lewe gevra word om verslag te doen oor hoe hulle die middele wat aan hulle toevertrou was, bestuur het nie, beteken dit nie dat die dag van afrekening nie gaan kom nie.

## 3. ADAM EN EVA MOES NET BESTUUR EN NIE DIE EIENAARS WEES NIE.

Indien God bedoel het om die eienaarskap van hierdie planeet en wat daarin is aan menslike wesens oor te dra, sou Hy uitdruklik so gesê het. In die teksvers onder oorweging noem God heerskappy tweekeer. Dit is aanduidend. Dit beteken dat die bedoeling in Sy gedagtes nie was om eienaarskap van Sy skepping aan Adam en Eva oor te dra nie.

Omdat Hy God is, het Hy voor die tyd geweet dat met die oorsprong van sonde, die menslike ras te besitlik sou wees vir Hom om eienaarskap aan hulle oor te dra. Sou die psalmis verklaar dat, "Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon" (Psalm 24:1), indien hy geweet het dat God Sy aansprake op eienaarskap van die aarde, afgestaan het? Sekerlik sou hy nie so gesê het nie.

Asof dit nie genoeg was nie, druk God onomwonde Sy stempel af op aansprake van eienaarskap van wat op die aarde is, in Psalm 50:10-12. Hy gaan voort om te sê dat indien Hy honger was, sou Hy nie voor enigeen kniel om vir 'n dier te vra om te slag om te eet nie. Waarom sou Hy dit nie doen nie? Dit is omdat Hy die regmatige eienaar is van alles op aarde. Inderdaad, Hy besit nie slegs die aarde nie, maar soos alreeds in Psalm 24:1 gesien is, besit Hy selfs diegene wat aanspraak maak om dit te besit wat op die aarde is. Menslike wesens is syne omdat Hy die een is wat hulle laat bestaan het en hulle is heeltemaal afhanklik van Hom. God is die Eienaar omdat Hy die aarde besit terwyl menslike wesens huurders is. Menslike wesens maak op God staat vir oorlewing. Indien God suurstof sou rantsoeneer of dit begin verkoop, wie sou leef ?

Van alle dinge wat hierbo bespreek was, wys God se eienaarskap vanalles op aarde en dit wys hoe rentmeesterskap ontstaan het. Die idee van rentmeesterskap het met God sy oorsprong gehad. Hy het besluit om die mens na Sy beeld te skape en dit wat Hy geskape het,

onder sy sorg te plaas. Oor die jare was daar getroue en ontroue rentmeesters. Die vraag is, watter soort rentmeester is u?

# RENTMEESTERSKAP VAN TYD

In die vorige hoofstuk het ons bespreek hoe rentmeesterskap ontstaan het en het ons gevind dat die skepping daardie konsep laat ontstaan het. Baie vroeg in die skeppingsverhaal, vind ons dat God tyd aangewys het. In Genesis hoofstuk een verskyn die uitdrukking, "die aand en die môre" ses keer. God het tyd gebruik om die gebeure van elke dag te skei. Sonder dat tyd in segmente geplaas was, sou die lewe ondraaglik gewees het omdat mense sonder ophou sou werk aangesien niks sou aandui dat die vereiste werktyd verby is nie. Waarom het God tyd in plek geplaas selfs voor die skepping van Adam en Eva? Dit is nie die doel van hierdie hoofstuk om 'n uitgerekte antwoord op daardie vraag te gee nie. Die doel hier is slegs om die belangrikheid van tyd aan te dui.

Hoe Belangrik is tyd?

Die belangrikheid van tyd "is onberekenbaar." *Gelykenisse van Christus,* 312. Verbeel u om sonder tyd te leef! Die volgende wyshede probeer om te wys hoe belangrik dit is.

1. TYD IS BELANGRIK OMDAT GOD WAARDE DAARAAN GEHEG HET.

Die apostel Paulus was deur God geïnspireer om te skryf dat ons tyd wat verlore gegaan het, moet uitkoop. Indien ons dit kan koop, dan moet dit waarde hê. Selfs ons as mense heg waarde daaraan. Vir die naelloper beteken selfs een sekonde 'n prys van miljoene dollars. Vir die dokter wat 'n pasiënt op die operasietafel het, kan een minuut die verskil tussen lewe en dood beteken. Vir die kandidaat wat vir 'n pos aansoek doen, kan een uur werkloosheid of 'n vaste inkomste beteken. Vir die student wat voorberei vir 'n eksamen, kan

een week sukses of mislukking beteken. Vir die boer, kan een slegte seisoen bankrotskap beteken. Wanneer dit kom by verlossing, kan 'n bietjie tyd wat vermors was of benut was, 'n ewige verskil maak. Tyd is belangrik vir God,

2. TYD IS 'N MAATSTAF VAN DOELTREFFENDHEID (PREDIKER 9:10).

Indien ons nie tyd meet nie, kan ons nie doeltreffendheid meet nie. Om 'n band om te ruil behoort nie langer as 10 of 15 minute te neem nie. Indien u twee uur neem, kan dit u u werk kos. Doen dit in 'n minuut of twee soos wat hulle by resies doen, en dit kan oorwinning vir die resies motorbestuurder beteken. Tiksters word geprys volgens hoe vinnig hulle kan tik. Monteerwerkers word gemeet volgens hoe vinnig hulle daardie motor of toerusting aanmekaar kan sit.

3. TYD STEL ONS IN STAAT OM MENSE SE OUDERDOM TE BEPAAL (PS 90:10).

Sonder die meting van tyd, sou dit onmoontlik wees om te bepaal hoe lank mense leef. Dit is maklik om die aantal jare toe te wys wat iemand geleef het as gevolg van tyd. Indien ons nie iemand se ouderdom kan bepaal deur werklike datums te gebruik nie, word ons gedwing om na voorkoms te kyk om te bepaal hoe oud daardie persoon is. Daar is egter baie mense wat ouer lyk as hulle werklike ouderdom, terwyl andere jonger lyk. Tyd help om sodanige uitdagings op te los.

Sommige mediese voorskrifte word gegee ooreenkomstig ouderdom. Sonder die meting van tyd, hoe sou dokters weet watter dosisse om vir hulle pasiënte te gee?

4. TYD GEE ONS 'N SIN VAN DRINGENDHEID (EFE 5:16)

As dit nie vir tyd was nie, sou daar geen sin van dringendheid gewees het nie. Soos wat ons vroeër gesê het, sonder tyd as 'n

maatstaf van doeltreffendheid, sou take wat onmiddellike aandag vereis het, nie die dringendheid geniet het wat dit nodig het nie. Leerlinge wat eksamens skryf, sou lank geneem het om klaar te skryf, omdat daar dus geen aanduiding is wanneer die eksamen veronderstel is om te eindig nie. Daar sou nie so vinnig na verwagtende moeders omgesien word wanneer hulle hospitaal toe gebring word nie, omdat sonder tyd die sin dringendheid nie daar sou wees nie.

Wat veroorsaak dat mense in 'n kort tydjie baie kan verrig, is in 'n groot mate die teenwoordigheid van dringendheid. Mense wat werk toe gaan, verhoog die pas van hulle stap omdat tyd hulle 'n sin van dringendheid gee. Dit is die sin van dringendheid wat maak dat ons bekommer wanneer 'n taak wat tien minute moes geneem het in 'n uur gedoen word. Dit is die sin van dringendheid wat die familie van 'n pasiënt wat hulle 'n vliegtuig laat huur om hom te neem om mediese aandag te kry. Hierdie sin van dringendheid behoort elke Christen aan te spoor om die beste te doen wat hy of sy kan vir die verlossing van diegene wat nog steeds in duisternis is, omdat tyd besig is om min te raak. Behalwe dit, is tyd belangrik omdat die verbygaan daarvan ons herinner en toelaat om te rus.

## 5. TYD LAAT ONS TOE OM RUS TE GENIET

God, in Sy oneindige wysheid, het tyd lank voordat die mens geskape was daar gestel, omdat Hy geweet het dat, sonder om in staat te wees om dit te meet, mense hulleself tot die dood toe sou kon werk. Tyd laat ons toe om 'n paar ure of minute van ons werk af te neem ten einde te rus. As daar bepaal is hoe lank 'n taak sal neem, kan 'n persoon rus sonder om te bekommer of dit sal klaar kom. In hierdie lig gesien, is tyd 'n bondgenoot van die mens. Dit is wanneer tyd misbruik word dat dit 'n vyand word.

## 6. TYD BEKLEMTOON DIE SABBAT SE BELANGRIKHEID

Sonsondergang sê vir ons wanneer die Sabbat begin het of verby is. Soos wat ons die ure van die Sabbat heilig hou, gehoorsaam

ons God se gebod om heilige tyd te beskerm. Alhoewel ons nie regtig kan sê waarom God tyd so 'n belangrike deel van die menslike lewe gemaak het nie, kan ons aanneem dat een rede was die rol wat die Sabbat sou speel in die verhouding tussen God en die mensdom. Die Sabbat sou vir mense 'n herinnering wees van God as Skepper. Sonder tyd sou hierdie herinnering nie daar gewees het nie. Sonder tyd, sou God se stempel van gesag oor Sy skepping verlore gewees het. Aangesien die Sabbat ons wys wie God is, kan dit gesê word dat tyd ons help om te bepaal hoe hoog God die Sabbat ag.

## 7. GOD WIL HÊ DAT ONS GOEIE RENTMEESTERS VAN TYD MOET WEES

Eendag sal ons almal verslag moet gee van hoe ons ons tyd deurgebring het. Waarom nie nou daaroor nadink nie? Hoe bring ons ons gemiddelde dag deur? Goeie huishoudsters en tesouriers werk noukeurige begrotings uit sodat hulle nie oorspandeer nie. Ons behoort ook 'n begroting uit te werk om te wys hoe ons ons tyd deurbring. Hoeveel minute en ure wy ons toe aan belangrike dinge soos werk, oefening, slaap, eet en om tyd saam met ons geliefdes deur te bring? En wat van minder belangrike en onbelangrike dinge soos om TV te kyk, te speel of speletjies te kyk, inkopies en om die koerant te lees? En hoeveel tyd het ons gemaak vir die belangrikste dinge van alles - getuienis en om vir God te leef, lees van die Bybel, diegene wat in nood is te help en onsself en andere voor te berei vir die ewigheid? Die antwoord mag ons verbaas en ontstel.

## 8. GOD GEE ONS TYD OM VIR DIE EWIGHEID VOOR TE BEREI

Alhoewel ons nie die tyd van Jesus se koms weet nie, help die verbygaan van tyd ons om te weet dat Sy koms naby is. Asof dit nie genoeg is nie, help tekens van die tye van die verlede en huidiglik ons ook om te weet dat Jesus se koms naby is. Behalwe dit, is die

dood self verbind aan tyd en help ons om voor te berei. Dit is waar dat niemand weet wanneer hulle sal sterf nie, maar die feit dat elke lewende wese weet dat hulle sal sterf (Prediker 9:5), herinner ons daaraan dat ons nie onbeperkte tyd het om hier op aarde te leef nie. Dit help ons om te besef dat ons lewens hier op aarde beperk is, daarom die behoefte om vir die ewigheid voor te berei. Die vraag is, hoe gereed is u vir die ewigheid? Wat doen u om voor te berei vir die einde van die wêreld?

# TALENTE

Talente word gedefinieer as begaafdhede wat mense aanleer of erf en wat hulle in die lewe help. Talente help mense op die natuurlike vlak alhoewel sommige ook voordelig kan wees op die geestelike vlak. Dit is algemeen bekend dat musiek deur baie geleerdes geklassifiseer word as 'n talent en nie as 'n gawe nie en tog voorsien dit voordele in hulle geestelike lewens. Dit spreek egter vanself dat baie musikante beide binne en buite die kerk hulle brood en botter verdien deur sang en die speel van musiek. Nou dat ons vasgestel het dat musiek beide 'n talent en 'n gawe kan wees, en dat dit beide materieel en geestelik voordelig kan wees, kan ons na die volgende vraag gaan - hoe word talente verkry?

1. VERKRYGING VAN TALENTE

Soos wat ons gesê het, kan talente geërf of aangeleer word.Hierdie is vaardighede wat iemand kan aanleer in 'n formele of informele opset. Soos in die geval van tyd en musiek, kan 'n persoon vaardighede aanleer om tyd goed te bestuur en vaardighede om te sing bemeester. Dus is een manier om talente te verkry om dit aan te leer.

Die tweede manier om talente te verkry, is deur oorerwing. Alhoewel daar gesê word dat vir elke reël daar 'n uitsondering is, eindig kinders van sangers baie dikwels ook op as musikante. Voetbalspeler Adedi Pele van Ghana het twee seuns wie ook begaafde spelers is. Hulle kon die talent van hulle vader geërf het en die talent vervolmaak het deur oefening. Heelwaarskynlik is die ou gesegde "oefening maak volmaak" waar sover dit die aankweek van talente aangaan. Dit bring ons by 'n ander area wat belangrik is

in die bespreking van talente en dit is, hoe kan iemand sy/haar talente identifiseer.

## 2. IDENTIFISERING VAN U TALENT

Talente kan geïdentifiseer word op 'n verskeidenheid van maniere. Die mees algemene manier wat iemand sy/haar talent kan identifiseer is egter die volgende:

### Studeer en lê toetse af

Baie boeke was al geskryf oor talente wat iemand kan help om sy/haar talent te identifiseer. Om boeke te lees wat die karaktertrekke van 'n persoon met 'n sekere soort talent beskryf, kan baie help om u op u talent in te stel. Indien u u talent wil ken, lees toepaslike boeke en u sal op u pad van ontdekking wees.

Indien om boeke oor talente te lees nie help nie, is daar toetse wat alreeds uitgevoer was en gereed om geneem te word waardeur, afhangende van die puntestand, 'n talent openbaar kan word. Om kredietwaardige toetse oor gawes en talente af te lê, kan iemand se talent of gawe openbaar.

### Resultate

U talent kan maklik uitgeken word deur die resultate van waarin u voel u goed is. Indien, nadat 'n persoon iets gedoen het, daar bewys is dat positiewe resultate daaruit gekom het, kan dit 'n aanduiding wees van 'n talent. Om iets te doen wat slegs negatiewe terugvoer verkry, kan beteken dat 'n persoon in die verkeerde dam visvang of dat die talent nog ten volle ontwikkel moet word. Dit behoort nie enigeen mismoedig te maak nie, omdat om te oefen volmaaktheid bring.

### Probeer verskeie dinge en oefen

Om u talent te ontdek, moet u verskeie dinge probeer sodat u sal

weet waarin u goed is. Daar is mense wat, alhoewel hulle talentvol in sekere areas is, misluk om die toppunt te bereik, omdat hulle nooit die tyd geneem het om dit te probeer nie. Sommige talente word nooit ontdek nie, omdat diegene wat dit besit nie gewillig was om dit te probeer nie. Sommige mense weier om sekere dinge te probeer, omdat een of twee mense wat daardie dinge vantevore probeer het, misluk het. Hierdie mislukkings van andere ontmoedig talentvolle individue wat herhaaldelik vertel word, "Dit is baie moeilik, jy kan nie daarin uitblink nie. Ek het 'n paar keer probeer, maar misluk." Die feit dat u kan misluk of dat iemand anders misluk het, beteken nie dat u ook sal misluk nie. Dit kan wees dat hulle misluk het, omdat dit nie hulle talent was nie.

Die skrywer weet dit uit ondervinding. Daar was 'n tyd toe hy ministeriële opleiding ondergaan het wat hy gedink het dat dit tyd was om op te gee, omdat hy nie goed gedoen het in die preekkuns klas nie. Sy kollegas het hoë punte behaal in die praktiese aspek van preekkuns terwyl sy punte slegs gemiddeld was. Voordat hy egter moed opgegee het, het hy gevas en alleen in die bosse geoefen. Een aand terwyl hy vir die bome en gras gepreek het, het hy iemand hoor vuurmaakhout kap. Hy het vir homself gesê dat indien die een wat besig was om die vuurmaakhout te kap, sou ophou om te kap en na die preek sou luister totdat dit eindig dit 'n goeie teken sou wees. Met dit in gedagte, het hy so hard as wat hy kon, gepreek. Die persoon wat die vuurmaakhout gekap het, het opgehou, en slegs met sy werk aangegaan vyf minute na die einde van die preek. Gebed en harde werk het die skrywer in die skool gehou. Om egter verskeie dinge te probeer en te oefen, is nie die enigste maniere om u talent te identifiseer nie.

Om vreugde te vind in wat u doen

'n Ander belangrike manier om u talent te ontdek, is deur vreugde of bevrediging te vind in dit wat u besig is om te doen. Indien u vreugde vind in wat u besig is om te doen selfs wanneer u dit nie goed doen

nie, kan dit bewys wees dat u talent in daardie area lê. Om te geniet wat u besig is om te doen, maak dit maklik om te oefen as gevolg van die belangstelling wat daar alreeds is. Dit is makliker om op te hou met wat mense sê jy goed is, wanneer jy diep in jou hart nie daarvan hou nie, as om op te hou met waarvan jy hou om te doen omdat iemand anders vir u sê dat u nie goed daarmee is nie.

Belangstelling in iets is 'n teken dat u in u gemaksone is. Ongelukkig is daar baie mense wat al hulle energie aanwend in areas waar hulle nie talente het nie, en die potensiële areas van talent sluimerend laat lê. Talentidentifisering is nie 'n vraag van waarin 'n ander persoon goed is nie, maar waarin u persoonlik goed is. Aangesien tyd kort is, waarom sterf deur iets te probeer waarin u nie goed is nie wanneer u betrokke kan raak in dit wat voordelig is - die area waarin u talentvol is?

Elke talent het sy plek in die werk van God. Vind dus u talent en gebruik dit tot eer van God. Dit bring ons nou by die laaste punt.

Kommentare van andere

Terwyl mense u mismoedig sal maak om die area waarin u talente het na te volg deur hulle opmerkings is dit ewe waar dat indien almal vir u dieselfde ding sê, daar 'n goeie kans is dat dit nie u talent is nie. Positiewe terugvoering van vriende, gelykes en mense in die algemeen, oor iets wat u goed gedoen het, kan 'n aanduiding wees dat u u talent gevind het. Dit is nie reg of wys om die oopmerkings van diegene wat ons waarneem, te verwerp nie.

Die positiewe terugvoering waarvan ons hier praat, is nie iets waarvoor 'n persoon gaan soek nie. Indien u gaan soek vir positiewe terugvoering, sal mense dit vir u gee omdat dit is wat u wil hê. Ongevraagde terugvoering, of dit positief of negatief is, is dikwels 'n aanduiding van waar ons talente lê. Elkeen wat op die ontdekkings-

pad is om sy of haar talent te ontdek, moet as't ware 'n goeie sin van gehoor hê. Daarsonder mag dit nie maklik wees om u talent te identifiseer nie. Wees gewillig om te luister na wat andere oor u sê. Wat gebeur egter nadat u u talent geïdentifiseer het?

3. ONTWIKKELING VAN DIE TALENT

Nadat die talent ontdek is, behoort dit gevoed en ontwikkel te word totdat dit volwaardig is. Elkeen ken die beste manier om 'n persoon se talent te ontwikkel, is deur te volhard Moenie maklik mismoedig raak nie. Hou hardnekkig vas aan dit wat u ontdek het en werk hard om dit te vervolmaak totdat u 'n meester word.

Dit is die les wat Jesus deur die gelykenis van die talente geleer het soos opgeskryf in Matthéüs 25. Twee van die diensknegte het hulle talente verbeter en iets bygevoeg terwyl die derde persoon besluit het om die talent te begrawe. Die veroordeling het nie gekom omdat hy slegs een talent gehad het nie, maar eerder omdat hy dit nie gebruik het wat hy gegee was nie. In plaas daarvan om ander mense se talente te begeer, behoort elkeen van ons besig te wees om wat hy alreeds het, te verbeter.

Die gelykenis van die talente leer ons nog 'n les en dit is dat elkeen van ons 'n talent of talente gegee word. En selfs wanneer hierdie talente identies is, kan ons dit verskillend gebruik. God gee elkeen 'n unieke manier om Hom te dien deur die talent of talente wat Hy gegee het. Diegene wat nalaat om hulle talente te gebruik, beroof nie slegs God nie maar die mensdom van diens wat gelewer moes word.

4. MISBRUIK VAN TALENTE

Talente kan misbruik word. 'n Talent wat in die diens van God gebruik moes word, word misbruik wanneer dit aan die diens van die duiwel toegewy word. Talente kan ook misbruik word wanneer hulle

hul besitters lei om hulself te verheerlik in plaas van God. Elkeen van ons behoort altyd in gedagte te hou dat ons niks besit wat ons nie van God ontvang het nie. God gee 'n waarskuwing in die volgende versie:

“Want wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? En as jy dit dan ontvang het, waarom roem jy asof jy dit nie ontvang het nie?” 1 Korinthiërs 4:7.

Het u alreeds u talent ontdek? Indien wel, gebruik u daardie talent tot die beste van u vermoë? Moenie toelaat dat iemand in sonde sterf omdat u gefaal het om u talent te gebruik nie.

5. TYD AS 'N TALENT

Tyd is 'n talent, wat beteken dat 'n persoon vaardighede kan verkry om dit ten volle te gebruik. Deur behendigheid, kan tyd 'n produk wees wat bo baie ander waardeer kan word. Daar is niks wat buite die grense van tyd bereik kan word nie. Snydokters se werk word gemeet aan die tyd wat hulle by die operasietafel deurbring. Opvoedkundige verkryging word gemeet aan hoe lank dit iemand neem om die kwalifikasie te verkry. 'n Ervare kok weet hoe lank sekere resepte neem om voorberei te word. 'n Vrou raak gefrustreerd wanneer die man nie eet wat dit haar tyd geneem het om voor te berei nie woedend mag sy sê, "Ek het baie moeite hierin gesit en dit het soveel tyd geneem om voor te berei, slegs vir jou om vir my te sê dat jy nie 'n eetlus het nie?”

As gevolg van die belangrikheid van tyd, skryf Ellen G. White dat, "Van geen talent wat Hy gegee het, sal Hy 'n noukeuriger verslag eis as van ons tyd nie."[1]

Rakende ons verlossing, sê die Bybel vir ons in Galasiërs 4:4 dat Jesus gebore was toe die volheid van die tyd gekom het. Dit beteken dat daar geen vertraging of haas was in die uitvoering van

die plan van verlossing nie. Dit behoort ons te leer dat as God se volk ons moet leer om dinge betyds te doen. Daar is mense wat altyd laat is. Van sommige was daar grappenderwys gesê, "Hy sal selfs laat wees vir sy eie begrafnis!" Kan u u voorstel om langer te leef slegs om 'n bietjie meer pyn te verduur voordat u sterf? Natuurlik net 'n grap, maar die punt is, traagheid is nie goed nie.

Indien die reis na die hemel op 'n vasgestelde uur sou plaasvind, is daar baie wat dit steeds nie sal maak nie, omdat hulle dit hulle gewoonte gemaak het om laat te wees. Sommige kerke begin byna nooit hulle kerkraad of besigheidsvergaderings op tyd nie omdat mense altyd laat is. Dit is omdat baie kerklidmate nie goeie rentmeesters van tyd is nie. Indien elke lidmaat van die kerk 'n goeie rentmeester van tyd was, sou die hele kerk ook gewees het.

Daar is huishoudings wat die gewoonte het om aandete laat te eet. Dit maak nie saak of die gesinslede die hele dag daar as of nie, aandete sal na 20:00 geneem word en selfs so laat as 21:00. Diegene wat hierdie gewoonte beoefen, sien dit as ongewoon om aandete vroeër as dan te hê. Vir hulle, is dit 'n vraag van, "Waarom jaag om jou aandete te hê asof jy bang is vir iets?" Andere wil so vroeg as moontlik eet en gebruik die minste tyd om die maaltyd voor te berei en te eet. Beide benaderings het sy voordele indien dit nie tot die uiterste geneem word nie. Aangesien tyd belangrik is, moet ons as goeie rentmeesters leer om die beste moontlike gebruik daarvan te maak.

Soos ons aan die einde van hierdie afdeling kom, mag dit goed wees om te kyk na 'n aanhaling uit die pen van Ellen G. White. Sy sê dat, “Die man wat tyd as werksdag waardeer, sal hom geskik maak vir 'n woning en vir 'n lewe wat onsterflik is. Dit is goed dat hy gebore is.”[2] Hoeveel mense sal kwalifiseer om hierdie woorde te hoor wat deur hulle beskermengele op hulle grafte geskryf is, dat "dit is goed dat jy gebore was!” Hoeveel mense sal deur ongesiene hande op hulle

grafte of in die boeke van die hemel die woorde geskryf hê, "dit was sleg dat jy gebore was"? Afhangende van hoe u u tyd gebruik, wat dink u is langs u naam in die boeke daarbo geskryf?

1. *Die Gelykenisse van Christus*, 342.
2. ibid

# HOU U LIGGAAM GESOND

Terwyl ons almal 'n besitlike voornaamwoord gebruik met verwysing na ons liggame, is die waarheid baie verskillend. Daar is iemand wat aanspraak maak op eienaarskap van die liggaam. Die eienaar van ons liggame waarsku oor straf vir diegene wat dit misbruik.

1. SYNE DEUR SKEPPING

Die Bybel erken God as die eienaar van ons liggame. Die psalmis sê dit so, "Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne; sy volk en die skape van sy weide."[1] God maak aanspraak op ons liggame omdat Hy ons geskape het. Net soos alles anders wat Hy vir ons gegee het, is die liggame net aan ons geleen vir 'n kort periode van ons bestaan hier op aarde.

2. SYNE DEUR VERLOSSING

God maak nie slegs aanspraak op eienaarskap van die liggaam omdat Hy dit geskape het nie; maar ook omdat Hy dit verlos het. In die skrywe aan die Korinthiese kerk het Paulus gesê,

Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.[2]

Toe Jesus op die kruis gesterf het, het Hy ons vir Homself gekoop. Die gespog wat dikwels gehoor word, is dat, "dit is my liggaam, dit is my keuse" faal in die lig van hierdie gedeelte. Elke menslike wese is dubbel God se eiendom - deur skepping en verlossing. Hierdie dubbele aanspraak van God oor ons maak dit verstaanbaar wanneer

Hy waarsku teen straf vir vernietigers van die liggaam wat Hy geskep en gekoop het.

3. DIE LIGGAAM IS 'N TEMPEL

Op dieselfde manier wat God in die tempel in die Ou Testament gewoon het, woon Hy vandag in ons liggame. God het ons liggame geskape as Sy woonplekke. In sy eerste sendbrief aan die Korinthiese kerk, het Paulus geskryf,

Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle.[3]

As 'n tempel van God, is die liggaam veronderstel om heilig gehou te word. Dinge wat die liggaam besmet en dit onrein maak, behoort nie daarin gesit te word nie, omdat God nie in 'n onrein plek kan woon nie.

Sommige van die dinge wat die liggaam besmet wat die tempel van die Heilige Gees is, is alkohol en tabak in al sy vorms. Hierdie bestanddele ontwrig die behoorlike funksionering van die liggaam en stel dit bloot aan siektes. Tewyl dit waar is dat siektes altyd met ons sal wees voordat Jesus kom, behoort niemand dit in hulle liggame in te nooi nie.

Om siek te wees omdat 'n persoon die bestanddele toegelaat het wat nie bedoel was om daar te wees nie, is om God te beroof van die diens wat die liggaam aan Hom kon gelewer het. Wanneer die liggaam in goeie gesondheid is, word God vereer. 'n Gesonde persoon doen baie wat 'n persoon met swak gesondheid nie kan doen nie.

4. DIE EIENAAR VRA ONS OM HOM TE VERHEERLIK

Die Bybel sê dat, "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God."[4] Wanneer ons voedsel in die

liggaam plaas wat deur die Bybel toegelaat word soos opgeteken in Levitikus 11, verheerlik ons God. Nie alle vloeistof behoort in ons liggaam toegelaat te word nie. Dit kan net so gesê word dat nie elke drankie wat geadverteer word, goed is vir die liggaam nie.

1. Psalm 100:3
2. 1 Korinthiërs 6:19 -20
3. 1 Korinthiërs 3:16-17
4. 1 Korinthiërs 10:31

# RENTMEESTERSKAP VAN RYKDOM

God het ons toevertrou nie slegs met tyd en ander talente om te bestuur nie, maar ook met rykdom. En van alle dinge wat ons moet bestuur, lewer niks 'n ernstiger uitdaging aan ons op as hierdie een nie. Ons kan dit vergelyk met om op 'n staalkabel oor die Victoria Valle te loop terwyl ons hande die kabel daarbo styf vashou. Dit kan gedoen word slegs omdat ons hande die kabel bokant vashou.

1. IS OM RYKDOM TE HÊ OP SIGSELF SLEG?

Om rykdom te hê is op sigself nie sleg nie. Dit is omdat God ons opdrag gegee het om te werk en deur dit te doen ryk te word. God het beloof dat indien Sy volk getrou is aan Hom, sal hulle die eerste wees en nie laaste nie (Deuteronómium 28:13). Deur eerste te wees en nie laaste nie, om die kop te wees en nie die stert nie, bedoel dat hulle sal uitblink in alles wat hulle onderneem. Dit het ook beteken dat hulle die rykste en nie die armste mense sou wees. Aangesien hierdie belofte nêrens in die Bybel teruggetrek is nie, mag ons met reg aanneem dat dit nog steeds staan. Ellen G. White skryf dat, "Die begeerte om rykdom te verwerf, is 'n ingeskape neiging van ons natuur, deur ons hemelse Vader vir 'n edele doel toebedeel." [1]

Die Bybel is vol van die name van mense wat rykdom besit het, maar tog getrou gebly het aan hulle God. Kom ons neem 'n paar minute om sommige van daardie ryk mense in die Bybel te bespreek.

a. Job

Bybelstudente glo dat die boek van Job die oudste van al die 66 boeke van die Bybel is. Van hierdie man Job sê die Bybel "Daarby was sy besittings seweduisend stuks kleinvee en drieduisend kamele en vyfhonderd paar beeste en vyfhonderd eselinne en 'n groot menigte slawe, sodat dié man ryker was as al die kinders van die Ooste"" ("Job 1:3).

Terwyl die "NIV" die woord "grootste" gebruik om Job te beskryf, lees die "Good News Bible" en sy ekwivalent die "Contemporary English Version" "Hy was die rykste persoon in die Ooste." Hierdie man, alhoewel baie geestelik, was terselfdertyd baie ryk. Sy rykdom het egter nooit tussen hom en God gekom nie. Selfs toe die duiwel alles wat hy gehad het uitgewis het, insluitende sy kinders, het Job getrou gebly aan God. Dit wys vir ons dat rykdom opsigself 'n persoon nie boos maak nie. 'n Persoon word boos gemaak deur sy of haar eie keuse deur rykdom te plaas waar God behoort te wees, en sodoende aanbid ons die geskenk en nie die Gewer nie.

b. Abraham

'n Ander prominente figuur in die Bybel is Abraham. Abraham was so ryk dat hy sy eie weermag gehad het. In Genesis 13:2 lees die Bybel, "En Abraham was baie ryk aan vee, aan silwer en goud." Alhoewel Abraham beskryf was as 'baie ryk' het hy nooit God met sy rykdom vervang nie. Hy was so gehoorsaam aan God dat hy gewillig was om sy enigste seun te offer op God se bevel. Die Bybelse rekord wys dat Abraham 'n vriend van God was (2 Kronieke 20:7). Kan God bevriend wees met 'n persoon wie nie geestelik is nie? Die antwoord is, Nee. Dit is nog 'n bewys dat iemand nie nodig het om arm te wees om geestelik te wees nie. Daar is baie sulke voorbeelde in die Ou Testament, maar wat van die Nuwe Testament?

c. Die ryk jongman

Matthéüs 19 is 'n wending sover dit die vraag van rykdom betref. Die ryk jongman het weggeloop van Jesus nadat aan hom gesê was om te verkoop wat hy gehad het en dit aan die armes te gee. Na hierdie ontmoeting het Jesus vir Sy disippels gesê, "Voorwaar Ek sê vir julle dat 'n ryk man beswaarlik in die koninkryk van die hemel sal ingaan" (Matthéüs 19:23). Die ryk jongman het gefaal in sy soektog om Jesus te volg nie omdat rykdom boos is nie maar eerder omdat hy sy rykdom liewer gehad het as vir God. Die ryk jongman is 'n voorbeeld van mense wat aanbid dit waarmee God hulle geseën het in plaas van om God te aanbid. Nietemin, hy is nie die enigste ryk persoon wat in die Nuwe Testament genoem word nie.

d. Josef van Arimathéa

Alhoewel nie baie oor hierdie man gesê was nie, gee die Bybel vir ons 'n blik oor wie hy was. Terwyl baie bang was om hulleself met Jesus te identifiseer, het Josef van Arimathéa na vore gekom tydens die donkerste uur van Jesus se lewe. Die Bybel sê dat, "En toe dit aand geword het, het daar 'n ryk man van Arimathéa gekom met die naam van Josef, wat self ook 'n dissipel van Jesus was" (Matthéüs 27:57).

Hierdie man was ryk en nogtans het hy met Jesus geïdentifiseer. Ek wil dink dat dit makliker is om met 'n lewendige persoon te identifiseer as een wat dood is, veral aangesien Jesus nie hoog geag was deur die volk van die tyd nie. Hy kon sy vrede behou het en homself gekoester het in die sonskyn van sy rykdom, maar nee. Hy het vorentoe gekom en sy posisie aan die Here se kant ingeneem. Weer is hierdie 'n getuienis dat rykdom iemand nie boos maak nie. Dit is die misplasing van prioriteite wat mense lei wat ryk is om boos te wees.

Miskien is dit wat maak dat mense rykdom aanbid die manier waarop hulle dit verkry.

2. WIE GEE MENSE KRAG OM RYK TE WEES?

Om hierdie vraag te beantwoord, draai ons na God vir die antwoord. In die waarskuwing aan die Israeliete van die gevaar wat vir hulle wag, het God gesê:

Julle mag vir julleself sê, "My krag en die sterkte van my hande het hierdie rykdom vir my gebring." Onthou egter die HERE jou God, want dit is Hy wat die vermoë gee om rykdom te verwerf, en so Sy verbond te bevestig, wat Hy met 'n eed aan julle voorgeslagte beloof het, soos wat dit vandag is.

Die gedurige gevaar wat menslike wesens in die gesig staar, is om hulle sukses aan hulleself toe te skryf en nie aan God nie. Sodra 'n persoon dit doen, is daar geen einde aan hoe diep hy kan sink nie. Ryk mense wat God verlaat, doen dit eerstens en alleenlik deur hulleself in die plek van God te plaas. Wanneer God van Sy regmatige plek verwyder word, geniet selfsug voorkeur.

3. DIE GEVAAR VAN ONS TYD

Dit is nie my doel om mense skelname te noem of hulle te oordeel nie. Terwyl dit egter waar is dat baie mense ryk word deur onortodokse en selfs oneerlike maniere, is dit nie reg om te sê dat elke ryk persoon 'n Satanis is nie. Daar is sommige gelowiges wat sterk voel dat die rykes, selfs onder hulle broers en susters in die Here, praktiserende Satanisse is. Hierdie grootskaalse klassifisering van elke ryk persoon as 'n Satanis is nie slegs onregverdig nie, maar ook onchristelik omdat dit impliseer dat God nie Sy volk wat baie hard werk, kan seën nie.

Hierdie ongevraagde veroordeling van elke voorspoedige persoon lei sommige van ons om niks te doen nie en tog te verwag dat ons kinders skooltoe moet gaan, voedsel op die tafel moet wees, en klere in die hangkas te hê. Armoede is nie

'n deugsaamheid om bewonder te word of om op trots te wees nie. Armoede is nie sinoniem met geestelikheid nie.

Die vraag is egter, waarom seën God Sy volk met rykdom? Seën Hy hulle met rykdom slegs vir hulle eie genot?

## 4. DOEL VAN RYKDOM

God seën Sy volk met middele vir waarskynlik drie belangrike redes. Die eerste rede is vir hulle eie gemak. Soos wat ons sopas gesê het, daar is niks bewonderenswaardig aan armoede nie. Diegene van ons wat uit nederige gesinne kom, weet dat armoede 'n persoon somtyds sal ontmens. Dit ontneem 'n persoon van waardigheid en waarde. God seën daarom Sy volk sodat hulle waarde behoue kan bly.

Tweedens, seën Hy Sy volk sodat hulle vir hulle minderbevoorregte broers en susters kan help. Jesus het gesê, “Want die armes het julle altyd by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen; maar My het julle nie altyd nie" (Markus 14:7). Dit is die plig van elke gelowige om diegene in nood te help. Die lidmate van die vroeë kerk het vir mekaar omgegee soos wat ons in die eerste vier hoofstukke van Handelinge kan sien. Dit is selfsug wat mense daarvan weerhou om vir mekaar om te gee.

Die derde rede waarom God Sy volk seën, is om die verspreiding van die evangelie te befonds. Gelowiges in baie dele van die wêreld is produkte van ander mense se gawes. Sonder die vrygewigheid van diegene wat sending ondersteun en middele gee vir die verspreiding van die evangelie, sou baie lande in die wêreld nog steeds in morele duisternis gewees het. Terwyl ons God loof vir die vooruitgang wat die evangelie gemaak het en maak in ons divisie, behoort ons nooit te vergeet dat daar plekke en mensegroepe in die 10/40 venster is wat nog nie die goeie nuus van die koninkryk gehoor het nie. Toe Jesus gesê het, "Want so lief het God die wêreld gehad," het Hy almal ingesluit. Alle rasse, alle

godsdienste van die wêreld, alle nasionaliteite is Syne en behoort met die boodskap van verlossing bereik te word.

Matthéús 24:14 sê dat die einde van die wêreld sal kom slegs wanneer die boodskap na almal in die wêreld gegaan het. Totdat almal 'n geleentheid gegee was om 'n besluit vir of teen Jesus te maak, sal almal van ons dalk moet sterf voordat Jesus kom om hierdie bedeling van sonde en die dood te beëindig. Ons was rentmeesters van rykdom nie slegs vir ons eie voordeel nie. Rykdom wat aan ons toevertrou is, moet gebruik word om mense voor te berei vir die spoedige wederkoms van Jesus.

Sal u liewe leser, 'n besluit maak om wat u ookal het te gebruik om iemand te help om tot die kennis van Jesus te kom?

---

1. *Raad oor Rentmeesterskap,* 148

# DIE SABBAT – 'N OPROEP VIR ENTREPRENEURSKAP

God is uitdruklik in Sy voorskrif rakende die onderhouding van die Sabbat. Vanaf die skepping was die Sabbat opsy gesit soos wat die boek van Genesis aandui.[1] Om die kinders van Israel te herinner oor die Sabbat, het God dit op hierdie manier in die boek Exodus gestel:[2]

Gedenk die sabbatdag dat jy dit heilig. (Ex. 20:9) Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; (Ex. 20:10) maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy géén werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. (Ex. 20:11) Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die sewende dag geseën en dit geheilig.

## 1. GEDENK DIE SABBAT OM DIT HEILIG TE HOU

Uit die gedeelte hierbo kan 'n persoon maklik tot die gevolgtrekking kom dat Sabbat rus en werk mekaar aanvul. Die persoon wat ses dae van die week gewerk het, is meer geneig om uit te sien na die Sabbat rus as die persoon wat niks gedurende die week gedoen het nie. Die doel van hierdie hoofstuk is om die konsep na te vors van entrepreneurskap soos bewaar in die Sabbatgebod.

Werk word deur baie gesien as vernederend en is slegs vir diegene wat dit nie in die lewe gemaak het nie. Dit is egter nie soos wat God dit bedoel het nie. God het Adam en Eva werk gegee lank voordat sonde op die Planeet Aarde gekom het soos wat

Genesis 2 wys. Die idee dat werk slegs gering is, het nie by God ontstaan nie. Na sonde die wêreld binnegekom het, was werk ontwerp as 'n wyse om die mens tot sy verlore status te herstel. 'n Lewe van "geswoeg en vermoeienis (was) ingestel vir die mens se beswil as 'n deel van Gods plan vir sy opheffing uit die verwoesting en ellende wat deur die sonde veroorsaak is."[3]

In die kern van die Dekaloog het God die Sabbatgebod bewaar, wat Sy stempel van gesag oor Sy skeppingswerk is. Die Sabbat is 'n permanente herinnering van waar ons vandaan kom. Die lewe het betekenis as gevolg van die geskiedenis van ons bestaan wat in God se skepping gegrond is. Menslike wesens het hulleself toegelaat om wegkruipertjie te speel met hulle identiteit omdat heilige geskiedenis onbekend is, of heeltemaal verwerp word. Dit was Bob Marley wat gesing het in die lied *Buffalo Soldier* dat, “wanneer jy jou geskiedenis ken, sal jy weet waarvandaan jy kom."

2. GOD HET WERK ONTWERP VIR ONS VOORDEEL

Die vierde gebod sê vir ons dat werk deel van ons menslike verhaal is. God het ons meer dae gegee om te werk as om te rus. Daar word meer bedoel in die vierde gebod as net om te rus. Net soos tiende, is die Sabbat slegs 'n klein gedeelte van waarop God aanspraak maak as Sy eie terwyl die res vrygewiglik aan ons gegee word.

Na die sondeval het God vir Adam gesê, "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.”[4] Werk verskaf nie slegs die middele waarvan ons leef nie, maar dit was God se plan dat deur werk, karakter ontwikkel kan word.[5]

Iemand wat frons vir werk, frons vir brood en botter op die tafel. Om die mensdom voortdurend te herinner aan die belangrikheid van werk en die behoefte daaraan om vir een dag in 'n week op te hou met

werk, het God dit in Sy seël gebod ingesluit.

Die ses dae van die week behoort gebruik te word vir nuttige werk. Toe God gesê het, "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet", het Hy verwys na "die landbouer wat moet leef deur voedsel vir homself en sy gesin uit die aarde moet forseer, maar dit is ook net so van toepassing op alle ander beroepe."[6]

Die taal van die aanhaling hierbo, stel voor dat niks bereik sal word sonder volhardende poging nie. Dit is ook wanneer ons gaan sit om te beplan, strategieë uit te werk en uit te voer dat die aarde en ander beroepe onwillig voedsel en alle benodigdhede vir ons sal voorsien. Die Sabbat gebod se 'toestemming' vir die menslike ras om ses dae te werk, is 'n oproep tot entrepreneurskap.

3. SEËNINGE DAARVAN OM TE WERK

Werk bring verskeie voordele vir 'n persoon wat daarin betrokke is. Dit is 'n afskrikmiddel van sonde omdat hy besig is. Dit ontwikkel ook karakter en leer die mens om nederig en samewerkent te wees met God.[7] Gesien in hierdie lig, is werk 'n integrale deel van ons verlossing.

Indien hierdie die voordele is van werk, dat wanneer God sê "ses dae moet jy arbei en al jou werk doen," sê Hy werk en wees beskerm; werk en laat jou karakter ontwikkel. Deur hierdie gebod, roep God almal na 'n klas van nederigheid en gewillige samewerking met God. 'n Boer kan nie enigiets oes tensy hy of sy met God saamwerk nie deur op Hom te wag om die saad wat gesaai is, te laat ontkiem nie. Indien 'n boer voel dat die periode van ontkieming vertraag was en besluit om die geplante veld weer te ploeg, het hy net homself om te blameer.

Elke persoon behoort 'n gepaste loopbaan te vind wat pas by sy aangebore samestelling. Dikwels misluk mense omdat hulle dinge najaag waarvoor hulle nie voorbereid is nie en ook geen belangstelling daarin het nie. Dit is nie 'n vraag wat werk vir andere nie, maar wat vir u kan werk.

Ons behoort onsself ernstige vrae te vra rakende die vierde gebod en sy ses-dae werksweek. Indien elke Sewendedag-Adventis ywerig was om die gees van die Sabbat te hou, sou God se volk verarm? Sou daar nie genoeg middele wees waarmee groot prestasies vir God gedoen kan word nie? Sou ons mense hê wat hulle verskoon daarvan om nie te gee nie omdat hulle nie 'n inkomste verdien nie? Kan dit wees dat die rede waarom baie mense geen inkomste het nie, is omdat hulle slegs deel van die vierde gebod verwerp en nie alles daarvan hou nie? Ellen G. White het geskryf dat "niemand wat kan werk, moet geleer word om te verwag om gratis van voedsel en klere en herberg voorsien te word nie. Om sowel hulle eie ontwil as om die ontwil van andere ... Moedig elke poging tot selfversorging aan.”[8]

4. WAAROM MENSE FAAL OM DIE SABBAT TE HOU

Baie Adventiste vind dit moeilik om die Sabbatdag heilig te hou omdat hulle fisies en verstandelik niks het om van te rus nie. 'n Persoon wat al ses dae van die week gerus het, sal dit moeilik vind om op die Sabbat te rus omdat vir hulle, sodanige rus geen betekenis het nie. Sulke mense neig om te besig te wees op Sabbat om op te maak vir die onaktiwiteit van die hele week. Salomo het gesê dat "soet is die slaap van die arbeider."[9] Dit is soet omdat die liggaam die behoefte om te rus en liggaamsweefsels te laat herstel, waardeer.

Dit is slegs God wat gerus het om Sy voltooide skepping te vier sonder dat Hy moeg was. Menslike wesens behoort die Sabbat te neem as God se gawe van rus. Bykomend behoort die Sabbat gesien te word as 'n tyd om God te dank vir Sy inisiatief om ons een dag in 'n week te gee om te rus, omdat daarsonder ons

geforseer sou word om 365 dae in 'n jaar te werk. Die Sabbatgebod se vermelding van 'n ses-dag werksweek, is dus 'n oproep tot 'n betekenisvolle ondervinding met God omdat ons daarna sal uitsien van Sondag tot Vrydag.

Die werksdae word gekoppel aan gepaste Sabbatonderhouding: bevryding van wettiesheid sal bereik word. Dit sal 'n besef bring dat ons nie onderhou word deur sewe dae per week te werk nie, maar ses dae met God se seëninge.

5. DIE MENS SE WERK IN SES DAE

In ses dae is die mens veronderstel om betrokke te wees in entrepreneurskaplike aktiwiteite (bv. om 'n besigheid te hê en dit te bestuur en uit te brei) en om die onwillige omgewing te forseer om te gee wat dit het, om ons gesinne te onderhou en God se werk te ondersteun. God se wyse om rykdom te verkry, is deur harde werk. Dit is onbybels en verkeerd vir mense om wonderbaarlike rykdom te verwag. Indien dit God se bedoeling was dat rykdom verkry moet word deur 'n wens of 'n gebed, moes ons gesien het dat dit in die dae van Jesus gedoen was. Dieselfde gedagte kan anders gestel word - dat indien God rykdom ontwerp het om verkry te word slegs deur die gee van "saadgeld," dan sou die weduwee wat slegs 'n oortjie gegee het, teruggegaan het huistoe, 'n baie ryk vrou.

Deur mense te laat glo dat hulle ryk kan wees sonder om te werk, het die duiwel 'n saadbedding geskep vir luiheid en misdaad. Mense wat mooi wil aantrek, goed wil eet, en gemaklik wil slaap, eindig op om niks te doen om hulle drome te verwesenlik nie. Wanneer hierdie mense uiteindelik faal om te kry wat hulle gedink het hulle sou hê, is die enigste manier om hulle drome te vervul deur misdaad. Sommige mag selfs heeltemaal geloof in God verloor omdat wat hulle verwag het dat Hy moet doen nie gebeur het nie. Sommige vra, Waarom krepeer ons nog in volslae

armoede te midde van voorspoedevangelie? Dit wys net dat dit nie God se metode was vir mense om ryk te word sonder om hard te werk nie. Dank God, baie mense is nie gewillig om die leuen te aanvaar dat 'n persoon ryk kan wees sonder om enigiets te doen nie.

Werk is nie slegs 'n manier om rykdom te verkry nie. God het werk ontwerp om die een te bevoordeel wat daarin betrokke is, sowel as diegene wat afhanklik mag wees van die een wat daarin betrokke is. Werk behoort gesien te word as 'n vennoot vir die mensdom en nie as 'n vyand nie.

Deur Sy eie voorbeeld het Hy geleer dat dit ons plig is om vlytig te wees ............. Almal behoort iets te vind om te doen wat voordelig vir hulleself sal wees en en ander sal help. God het werk as 'n seën beskik, en net die ywerige werker sal die ware heerlikheid en vreugde van die lewe ondervind.[10]

Dit is 'n verkeerde beginsel van die lewe om nie te werk nie en te verwag dat voedsel per toeval sal kom. Mense wat goed wil leef maar werk verag, is geneig om misdaad te pleg ten einde die lewe te leef wat hulle wil hêt. Daar is geen manier wat iemand goed kan lewe sonder om die vereiste poging in te span nie. Baie van ons susters en broers verlaat hulle landelike dorpies en verhuis na stede op soek na 'n goeie lewe, slegs om te ontdek dat die goeie lewe wat hulle gehoop het om in die stede te hê nie op 'n silwer skinkbord kom nie. Aangaande hierdie klas van mense lees ons:

Duisende der duisende wat nou in die stede saamdrom en 'n kans soek om 'n paar sent te verdien, kon met landbou besig gewees het. In baie gevalle word die verdiende geldjies nie aan brood bestee nie, maar dit gaan in die geldlaai van die drankverkoper om vir iets te betaal wat siel en liggaam verwoes.[11]

## 6. REDES WAAROM SOMMIGE MENSE NIE WIL WERK NIE

Een rede waarom mense nie wil werk nie, is dat hulle 'n verkeerde siening daarvan het. Vir hulle, om met eer te werk, is dit wat vereis dat hulle vir agt ure in 'n kantoor sit. Almal kan egter nie in 'n kantoor werk nie - wie sou die grond bewerk en voedsel produseer? Dit is miskien wat Ellen White gelei het om te skryf:

Baie kyk na arbeid as sloofwerk en hulle probeer om 'n lewensbestaan te verkry deur te konkel eerder as eerlike werk. Hierdie begeerte om 'n lewensbestaan te verkry sonder werk, maak die deur oop vir ellende en verdorwenheid en misdaad byna sonder beperking.[12]

Soos wat hierdie hoofstuk tot sy einde kom, laat elkeen wat hierdie boek lees, let op wat die diensmaagd van God te sê het, "Diegene wat fisiese krag het moet daardie krag gebruik in die diens van God. Hulle moet met hulle hande werk en middele verdien om in die saak van God gebruik te word."[13]

Mag die goeie Here ons help om werk lief te hê en te geniet omdat dit die ware gees van Sabbaronderhouding is! Werk is goed vir u en my.

---

1. Genesis 2:1-2.
2. Exodus 20:8-11.
3. Ellen G. White, *Skrede na Christus*, 9.
4. Genesis 3:19.
5. Howard Dayton, *Your Money Counts,* 87.
6. F. D. Nichols, *SDA Bible Commentary* vol.1, 235.
7. Ibid.
8. Ellen G. White, *Die Helende Hand 161*.
9. Prediker 5:11
10. Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue, 52.*
11. _______, *Die Helende Hand173.*
12. Ibid
13. Ellen G. White, *Review and Herald,* 21 Augustus 1894

# DIE BELANGRIKHEID VAN TIENDE

Tiende, soos die woord self aandui, is 'n tiende van wat 'n persoon verdien. Dit beteken dat indien 'n persoon R300 verdien, sy tiende R30 is. Alhoewel die tiende deel soos die ander tiende dele lyk, is dit tog nie dieselfde nie. Dit is heilig. Die boek van Levitikus sê tiende is heilig:

Ook al die tiendes van die land, van die graan van die land, van die vrugte van die bome, behoort aan die Here; dit is heilig aan die Here. Maar as iemand van sy tiende iets wil los, moet hy die vyfde deel daarvan byvoeg. Wat betref al die tiendes van beeste en kleinvee - alles wat onder die herderstaf deurgaan - die tiende moet aan die Here heilig wees. Hulle mag nie ondersoek of dit goed of sleg is nie, en dit nie omruil nie; maar as hulle dit tog omruil, moet dit en die geruilde heilig wees; dit mag nie gelos word nie.[1]

Die heiligheid van die tiende lê nie in die voorkoms daarvan nie, maar in wat God sê dit is. God het verklaar dat dit heilig is en so is dit. Aangesien God verklaar het dat tiende heilig is, is dit ontheiliging om dit vir die verkeerde doel te gebruik.

Voordat ons aangaan, is dit goed om te noem dat die paragraaf hierbo wys dat slegs die tiende van plaasprodukte losgekoop kon word. Tiende van enige ander soort kon nie losgekoop word nie. Niemand behoort tiendegeld te gebruik met die belofte om 'n vyfde by te voeg wanneer dit uiteindelik kerktoe geneem word nie.

1. DIE PDF TIENDE

Dit was gesê deur rentmeesterskap ghoeroes dat een van die redes waarom mense nie tiende terugbring nie is omdat hulle dit nie ver-

staan nie. Om meer oor tiende te verduidelik, sal ek die akroniem PDF gebruik. Dit is nie "Portable Format Document" waarmee ek hier te doen het nie maar hier is dit die **P**ersentasie, **D**estinasie, en **F**unksie van tiende wat aangespreek word. Watter persentasie van 'n persoon se inkomste is tiende?

a. Die Persentasie

Vir tiende om tiende te wees, behoort dit die regte persentasie te wees. Deur definisie is tiende een tiende van iets en in hierdie geval - 'n persoon se inkomste. Dit kan nie tiende wees indien dit nie tien persent van 'n persoon se wins is nie. Indien iemand vyf persent van sy inkomste aan God se skathuis gee, is dit nie tiende nie. God Self het uitgespel wat tiende is. Hy het dit nie vir elke individu gelos om te besluit wat dit is nie. Die bedrag wat as tiende gegee word, word bepaal deur die bedrag waarop die tiende uitgewerk word. Dit beteken dat terwyl die persentasie dieselfde bly vir elkeen, die bedrag wat gegee word, sal verskil van persoon tot persoon. “Volgens die Bybelstelsel van tiendes en offergawes sal die bedrae wat deur verskillende persone betaal word, natuurlik baie verskil, aangesien dit met inkomste verband hou.”[2]

Om na te laat om aan God die regte gedeelte terug te gee van waarmee Hy ons geseën het word in Maleági 3:8 beskryf as rowery. Hierdie gedeelte behoort altyd presies te wees. Sover dit tiende betref, is dit tien persent, nie meer nie en nie minder nie. God het die mens nie met enige ruimte gelaat om te onderhandel rakende tiende nie.

b. Die Destinasie

Sodra die vraag van persentasie uitgesorteer is, neem die destinasie of plek waarheen ons ons tiendes moet neem die toneel oor. Mense vra dikwels, "Waarheen behoort tiende geneem te word?" Die Bybel sê dat tiende behoort na die skathuis gebring te word.[3] Die skathuis is nie die plaaslike kerk waar 'n lidmaat se lidmaatskap is, maar die administratiewe liggaam wat al die plaaslike

kerke bedien. Die plaaslike kerk kanaliseer die tiende na die skathuis. Die skathuis is die sentrale plek wat God se werk in 'n spesifieke streek administreer. Dit sal selfs duideliker gemaak word wanneer die Funksie van tiende hanteer word.

Tiende behoort nie in 'n plaaslike kerk se tesourier se huis of bankrekening gehou word nie. Dit behoort selfs nie gehou of gedeponeer te word in die plaaslike kerk se bankrekening en later na die konferensie se rekening oorgeplaas te word nie. Sodra dit ontvang word, behoort tiende in die konferensie/veld se rekening gedeponeer te word.

Tiende behoort eerste na die konferensiekantoor geneem te word, sodat geen persoon 'n direkte ontvanger daarvan word nie. Daar is baie wat tiende wil ontvang onder die voorwendsel dat hulle God se werk doen. Die eienaar van die werk waarop hulle aanspraak maak om te doen, moet spesifiseer hoe die tiende uiteindelik Sy predikante bereik. Deur voorsiening te maak vir die tiende om na die skathuis geneem te word, vra God vir interne kontrole, aanspreeklikheid, en deursigtigheid in die administrasie van tiende en ander geld wat aan Hom aangebied word.

Dit kom voor van die taal van Maleági 3:10 dat God nie ruimte gelaat het vir onderhandelinge oor of die tiende na die skathuis geneem moet word of nie. Dit beteken dat ongeag van die heersende omstandighede op die grond, die bevel bly, "Bring al die tiendes na die skathuis." Dinge mag met tye dalk nie goed gaan in die plaaslike kerk of op konferensievlak nie, maar dit gee nie 'n individu of die kerk die reg om tiende terug te hou nie. Die raad van Ellen G. White is hier insiggewend.

Sommige was ontevrede en het gesê, "Ek gaan nie langer my tiende betaal nie; want ek het geen vertroue in die manier waarop dinge by die kern van die werk bestuur word nie." Sal u egter vir God beroof

omdat u dink dat die werk nie reg bestuur word nie? Bied u klagte aan, eenvoudig en openlik, in die regte gees, tot die gepaste persone. Stuur u petisies vir dinge om verander en in orde gestel te word in; maar moenie onttrek van die werk van God nie en ontrou bewys word, omdat andere nie reg doen nie.[4]—Testimonies for the Church 9:249. CS 93.3

Daar behoort ook gesê te word dat die weerhouding van tiende en offergawes **nooit** gebruik behoort te word om 'n persoon se stem te laat hoor nie of om uitstaande kwessies uitgesorteer te kry nie. Tiende behoort aan God en daarom om tiende te weerhou totdat aan sekere eise voldoen is, is om God in ons huishoudelike en persoonlike sake te betrek. Tensy 'n persoon 'n geskrewe toestemming van God het om dit te weerhou, behoort niemand vry te voel om tiende as 'n onderhandelingswerktuig te gebruik nie. Wat daarvan indien die persoon wat die tiende weerhou het, sterf voordat dit na die skathuis geneem word en dit gebruik word om sy begrafnisonkoste te dek? Sal God so 'n persoon getrou verklaar? Voordat u God se tiende weerhou, vra uself of u 'n uitdruklike bevel van God gekry het om dit te doen.

c. Funksie

Tiende behoort nie slegs die regte persentasie te wees en dit behoort nie slegs na die regte destinasie geneem te word nie, maar dit moet die vir regte funksie wees waarvoor dit bedoel was. Wat is die funksie van tiende? God het gesê, "En kyk, Ek gee aan die kinders van Levi al die tiendes in Israel as erfdeel vir hulle dienswerk wat hulle verrig, die dienswerk van die tent van samekoms."[5] In die Ou Testament, was tiende gebruik om vir die Leviete te sorg. Dit was omdat hierdie stam se beroep was om God by die heiligdom en later die tempel, te dien. Hulle het geen erfdeel gehad nie. Hulle was voltyds in diens in die besigheid om te sorg vir die geestelike belange van Israel. Geen ander stam was toegelaat om die tiende te gebruik nie.

In die versie hierbo, word aangedui van hoe tiende veronderstel is om gebruik te word, deur die eerste persoon enkele voornaamwoord "Ek." Die een wat deur daardie "Ek" verteenwoordig word, is God. Die gebruik van tiende word dus deur God Self voorgeskryf. Weer eens, het God dit nie aan menslike wesens oorgelaat om te besluit wie by die tiende sou baat nie.

Alhoewel daar nie vandag 'n tempel of 'n heiligdom is nie, het die gebruik van tiende nie verander nie. In die plek van Leviete, het God mans en vroue wat hulle lewens toegewy het aan Sy diens. Tiende word gebruik om diegene te ondersteun wie se enigste beroep is om die evangelie te versprei. Ellen G. White skryf oor hierdie kwessie dat “Die tiende is heilig, bestem deur God vir Homself. Dit moet na Sy skatkis gebring word om gebruik te word om die evangeliebedienaars in hulle werk te ondersteun.”[6] Die plaaslike konferensie/veld wat die evangeliewerkers in diens neem, is die enigste werkende eenheid wat gemagtig is om die tiende aan hulle uit te betaal. Die tiendebetaler het geen reg om te besluit aan wie tiende gegee moet word nie op dieselfde manier as wat 'n persoon van die stam van Juda nie sy of haar tiende na 'n enkele Leviet kon neem nie. Tiende was na die skathuis geneem en vandaar was dit uitbetaal. Een van die tekens dat iemand nie in goeie stand van die kerk is nie is wanneer hulle aandring dat die tiende aan hulle gegee moet word of om die tiende aan enigeen te gee wat lyk asof hy/sy God se werk doen.

Jesus het gesê dat dit slegs is wanneer die evangelie na die hele wêreld gegaan het die einde sou kom.[7] Om tiende terug te gee, help om die koms van Jesus te verhaas om Sy volk huistoe te neem. Tekens van die tye dui aan dat Sy koms naby is en tog moet nog so baie gedoen word. Daar is nog steeds lande waarheen die Adventiste boodskap nog nie gegaan het nie. Daar is nog steeds mensegroepe wat nog nie bereik is nie. Hierdie behoort ook met die evangelie bereik te word voordat Jesus terugkom. Hoe moet hulle bereik word? Dit is deur tiende terug te bring. Die tiende wat deur God se volk gegee word, sal grense oorsteek om andere met

die goeie nuus te bereik dat Jesus gaan kom om die bladsy van lyding, siekte en dood toe te maak.

Wanneer u versoek word om ontrou te wees in hierdie verband, onthou die PDF van tiende - korrekte persentasie, destinasie en funksie. Indien een van hierdie gemis word, het ons ontrou geword.

2. WAT HELP TIENDE ONS OM TE ONTHOU?

Om tiende terug te bring, help ons om te onthou dat God die Skepper is. In Genesis 1:1 sê die Bybel, "In die begin het God die hemel en die aarde geskape." Net soos die Sabbat ons herinner aan wie die Skepper is, help tiende ons om die oorspronklike Gewer en Eienaar te onthou. Dit herinner ons dat ons nie die skeppers van enigiets is wat ons hier op aarde "besit" nie.

Tweedens, herinner dit ons daaraan dat aangesien God die Skepper is, Hy die regmatige eienaar is van alles op aarde en meer. Die psalmis het geskryf, "Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en wat daarin woon“[8] Om tiende terug te bring, is 'n erkenning en waardering dat God alles besit. Wat het God die reg en mag gegee om die begunstigdes van tiende aan te wys, is dat Hy die eienaar daarvan is. Enige menslike wese wat aanspraak maak op die reg om te bepaal aan wie tiende gegee moet word, matig hom die voorreg van God - die eienaar, aan. Dit is slegte rentmeesterskap vir enigeen om vrygewig te wees met dit wat nie aan hulle behoort nie.

Onder die Lozi volk van Westelike Zambië, is die konsep van eienaar teenoor die bestuurder of opsigter, interessant. Hierdie mense, soos hulle neefs die Tongas van Suidelike Zambië, is veeboere en hulle leen dikwels aan diegene wat nie het nie en wat vir hulle diere sorg. Die een wat vir iemand anders se vee sorg, word toegelaat om voordeel te trek uit hulle arbeid, melk en bemesting. Wanneer een van die diere egter doodgaan, kan die oppasser die vleis eet, maar sal die vel bewaar. Die vel dien twee

doele. Eerstens, is dit bewys dat die dier regtig doodgegaan het. Maar egter meer as dit, maak die vel onderskeid tussen die oppasser en die eienaar. Die oppasser kan nie die vel verkoop of toelaat dat dit verrot nie, omdat deur dit te doen, is om eienaarskap van die dier aan te neem. Slegs die eienaar besluit wat om daarmee te doen, omdat dit aan hom/haar behoort. Dit is die simbool van eienaarskap. Om die oppasser te herinner dat die diere wat hy versorg nie syne is nie, is dit nie nie snaaks om een van die diere te vind wat 'Tunweko a mawe,' genoem word nie, wat vertaal word as "Ons moet slegs gebruik maak van die melk". Inderdaad, *Tunweko a mawe'* is 'n verkorte weergawe van: *Tunweko a mawe katumba ta (ka) munyangombe.* Die letterlike betekenis is, die melk is ons s'n, die vel behoort aan die eienaar.

Op dieselfde manier trek menslike wesens, wie oppassers van God se skepping is, voordeel op baie maniere deur middel van hulle rentmeesterskap; een ding onderskei die Eienaar van ons Sy rentmeesters — die tiende. Tiende is soos die 'vel', dit is nie ons s'n nie. Dit behoort aan God. Om dit toe te eien, is om aanspraak te maak op wat ons nie is nie — eienaars van God se skepping.

Derdens, om tiende terug te gee, herinner ons dat ons van God afhanklik is vir ons lewensmiddele. Dit is nie geld wat ons onderhou nie, maar wat God met die geld doen nadat tiende daarvan afgetrek is. Ellen White skryf, "Dit is deel van ons werk om diegene wat ons in die waarheid inbring te leer om die tiende na die skathuis te bring as 'n erkenning van hulle afhanklikheid van God "[9] Nalating daarvan om tiende terug te bring, is 'n verklaring van self-afhanklikheid. Indien 'n persoon selfonderhoudend is, lei dit tot selfregverdigheid of regverdigheid deur werke. Om tiende terug te bring, help ons dus om te besef dat ons deur en deur van God afhanklik is.

## 3. WAAROP BEHOORT TIENDE TERUGGEGEE TE WORD, DIE BRUTO OF DIE NETTO?,

Hierdie is 'n vraag wat deur baie mense gevra word, veral werkers. Hierdie vraag word soms noodsaaklik gemaak deur die feit dat die netto salaris is dit wat werklik in 'n persoon se bankrekening ingaan. Met tye word die vraag gevra, omdat wat oorbly na aftrekkings gemaak is, nie genoeg is om in 'n persoon se behoeftes te voorsien nie. So opreg as wat die redes mag wees om voor te stel dat tiende op die netto salaris teruggebring behoort te word, is dat die netto salaris nie 'n persoon se volle salaris is nie. Wat voortspruit aan 'n werker is die bruto betaling. Dit is die inkomste. Ek moet nog iemand hoor sê dat die netto salaris die maandelikse inkomste is. Dit lyk asof die enigste keer wat mense nie seker is wat hulle inkomste is nie, is wanneer bereken moet word wat as tiende gegee moet word.

Indien daar een area is waar getrouheid vereis word, is dit hier. Dit is die gebed van die skrywer dat u die leser getrou sal wees in hierdie area soos wat in in andere is.

---

1. Levitikus 27:30-33.
2. Ellen G. White, *Raad oor Rentmeesterskap,* 73.
3. Maleági 3:10
4. Testimonies for the Church, vol. 9, 249
5. Numeri 18:21
6. Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol 3. 249.
7. Matthéüs 24:14.
8. Psalm 24:1.
9. Ellen G. White, *Evangelism*, 250.

# OFFERGAWES:

# DIE MATE VAN WAT ONS BELY

Die Bybel wys dat die kinders van Israel 'n aantal offergawes gegee het. Die boek van Levitikus omskryf hierdie offergawes. 'n Kykie na Levitikus hoofstukke 1 tot 5 wys dat daar vyf verskillende offergawes was wat hulle moes gee. Hieronder is 'n lys van hierdie offergawes.

Die Brandoffer, hoofstuk 1

Die Spysoffer, hoofstuk 2

Die Dankoffer, hoofstuk 3

Die Sondoffer, hoofstuk 4

Die Skuldoffer, hoofstuk 5

Dit was egter nie al nie. Daar was ander offergawes, soos om vir die oprigting van die heiligdom of tempel te gee en offergawes wat gedurende die fees van tabernakels gegee was. Van hierdie kan ons tot die gevolgtrekking kom dat in die Hebreeuse ekonomie, daar meer offergawes vereis was as slegs die tiende. Kan dit vandag vir ons leersaam wees, dat reg verstaan, en alles gelykstaande is, behoort offergawes meer as een tiende te wees?

1. DIE BETEKENIS VAN OFFERGAWES

Terwyl daar sommige is wat tiende nie verstaan soos wat hulle behoort nie, kan daar meer persone wees wat op een of ander wyse 'n kwessie het oor die vraag van offergawes. In baie kerke is die getal wat tiende terugbring meer as diegene wat offergawes gee.

Miskien is die rede waarom offergawes deur min mense gegee word 'n gebrek aan die begrip oor die primêre doel van offergawes.

Die woord "qorbanot" word gewoonlik vertaal as "opofferings" of "offergawes"; beide van hierdie uitdrukkings stel egter 'n verlies van iets voor of om iets op te gee, en alhoewel dit sekerlik deel is van die voorskrif is dit gladnie die letterlike betekenis van die Hebreeuse woord nie. Die woord qorbanot kom van die grondwoord Qof-Resh-Bet, wat beteken om nader te kom, en dui die primêre doel van offergawes aan: om ons nader aan God te trek.[1]

Alhoewel daar nie langer van ons verwag word om daardie offers te bring nie, kan ons tog waardevolle lesse uit hulle leer. Indien hierdie primêre doel van offergawes deur God se laastedag volk verstaan word, sal drie dinge ons gawes kenmerk. Karaktertrek nommer een is blymoedigheid. Daarom, sal 'n Gewer dus voldoen aan God se spesifikasie van 'n blymoedige gewer dat Hy 'n blymoedige gewer liefhet.[2] Die rede is eenvoudig - ons kan nie begeer om nader aan God te kom met fronse op ons gesigte nie. Indien dit altyd 'n vreugde is om in die teenwoordigheid van ons aardse leiers te wees, hoeveel te meer sou dit nie wees in die teenwoordigheid van God nie? Die onwilligheid waarmee mense van hulle middele afstand doen, mag 'n aanduiding wees dat hulle nie die primêre doel van offergawes verstaan nie.

Karaktertrek nommer twee is gewilligheid – niemand sou geforseer word om te gee nie. Wanneer 'n persoon verstaan dat offergawes bedoel is om ons nader aan God te trek, word geen dwang vereis vir iemand om te gee nie. Ja, opvoeding en herinnering kan nog steeds gegee word veral vir diegene wat nuut in die geloof is, maar ook vir lidmate wat langer in die geloof is, maar die feit is dat om te gee gewillig gedoen sou word.

Karaktertrek nommer drie is liefde - niemand sal gewag het vir oproepe ten einde nader aan God getrek te word nie. Mense wag dikwels dat hulle emosies aangeroer moet word voordat hulle kan gee, omdat hulle nie besef dat offergawes bedoel is

om hulle nader aan God te trek nie. Ek wag nie vir enigeen om vir my te sê om nader aan my gesin te kom nie omdat dit is wat ek altyd wil doen. Op dieselfde manier sal mense wat hulle God liefhet, elke moontlike geleentheid benut om hulle nabyheid aan God te toon.

2. WAAROM GEE ONS OFFERGAWES?

a. Ten einde nader aan God te kom.

Soos alreeds aangedui, gee ons offergawes as 'n manier om nader aan God te kom. Aangesien gesê word dat Jesus die Lam van God is wat die sonde van die wêreld wegneem (Johannes 1:29), het Hy ons nader aan God getrek deur sy offer? Paulus in sy skrywe aan die Efesiërs het gesê, "Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus." Van hierdie versie kan ons sonder huiwering tot die gevolgtrekking kom dat Jesus se offer van Homself vir ons sondes ons naby aan God gebring het. Op dieselfde manier, om offergawes te gee, wat Jesus voorstel, trek ons nader aan God.

b. Om ons liefde vir God te toon

Die welbekendste versie in die Bybel (Johannes 3:16) sê dat God se liefde vir die mensdom bewys was deur die gawe wat Hy gegee het. Jesus is die bewys van God se liefde. Hy is die tasbare bewys van God se liefde vir ons. Op dieselfde manier vind ons liefde vir God uitdrukking in wat ons vir Hom gee. Ellen G. White stel dit so, "As ons Jesus liefhet, sal ons graag vir Hom lewe, ons dankoffers aan Hom bring, vir Hom arbei."[3]

Die offergawes wat ons gee, vertel 'n storie van ons liefde vir God op dieselfe manier wat Jesus se offer 'n verhaal is van God se liefde vir ons. Inderdaad, offergawes is 'n bewys dat ons God waarlik liefhet. Lees die aanhaling wat volg vir uself. "Indien u God bo alles

liefhet, en u naaste soos uself, glo ons dat u tasbare bewys daarvan sal gee in vrywillige offergawes vir ons sendingwerk."[4] Een tasbare bewys van ons liefde vir God en ons medemens is die offergawes wat ons gee. Wat is dan die gebrek aan liefde vir God en die menslike wesens behalwe die ongewilligheid om offergawes te gee?

Die waarde van 'n siel, wie kan dit bereken? Wil u die waarde weet, gaan na Getsemane … Aanskou die Heiland aan die kruis opgehef ... onthou dan dat Christus vir één sondaar Sy lewe sou neergelê het, bereken u dan die beraamde waarde van 'n siel.[5]

Op ons beperkte manier, bepaal ons ook ons liefde vir God deur wat ons gee. Indien 'n persoon met meer middele kies om minder te gee as wat hy/sy in staat is om te gee, mag dit wat gegee word 'n maatstaf wees van die liefde wat daardie persoon vir God het. U kan nie meer gee as wat u God liefhet nie.

c. Om ons dankbaarheid aan God te toon

Om offergawes aan God te bied, wys hoe dankbaar ons is teenoor Hom vir wat Hy vir ons gedoen het. Wat is sommgie van die dinge wat God vir ons gedoen het? *Hy het ons lief.* God se liefde vir ons behoort nie as vanselfsprekend aanvaar te word nie. Ons moet altyd tyd neem om Hom daarvoor te dank. Indien dit nie vir Sy liefde vir ons was nie, sou daar geen hoop van verlossing gewees het nie. Ons sou in sonde gesterf het.

God *onderhou* ons deur die baie dinge wat Hy vir ons gee. Hy gee ons reën, sonskyn, die lug wat ons inasem, voedsel, water ... die lys is byna eindeloos. Vir al hierdie dinge behoort ons dankbaar teenoor Hom te wees. Indien hierdie dinge nie daar was nie, sou ons lankal gesterf het. Dit word aan ons gegee omdat God genadig is. Behoort ons nie dankbaar te wees vir al hierdie dinge nie?

*God het ons gesinne gegee.* Dit is waar dat sommige gesinne nie so goed is nie, en sommgie mag mishandelend wees, maar alles wat God gemaak het, was oorspronklik goed. Sonde het al God se goeie gawes verwring en dit is waar van gesinne ook. Oor die algemeen egter, sal min die waarde van gesinne ontken. Of die gesin ryk of arm is, solank as wat daar liefde en beskerming is, dank God daarvoor omdat eendag, daardie gesin nie daar mag wees nie.

God beskerm ons teen baie dinge, sommige waarvan ons nooit van mag weet aan hierdie kant van die ewigheid nie. Wanneer ons vas slaap, tree God in en beskerm ons. Die psalmis sê, "Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie."[6] 'n Persoon word in die oggend wakker en spog dat hy of sy soos 'n baba geslaap het, sonder om te besef dat rowers gekom het, maar die goeie Here het hulle weggejaag. Hy beskerm ons nie slegs terwyl ons slaap nie. Hy beskerm ons ook terwyl ons besig is in ons alledaagse aktiwiteite. Die engel van die Here is altyd aan ons sy[7] om sekuriteit en bystand te voorsien wanneer dit ookal nodig is.

Ons behoort versigtig te wees dat ons nie optree soos die melaatses wie Jesus genees het nie soos opgeteken in Lukas 17 en wie nooit teruggekom het om dankie te sê nie. Dit is interessant dat al nege Jode was. Miskien het hulle gedink omdat Jesus een van hulle was, dit Sy plig was om hulle te genees want indien Hy dit nie gedoen het nie, wie anders sou Hy gesond maak? Die Samaritaan daarenteen, het egter verplig gevoel om terug te gaan en dankie te sê omdat hy gedink het omdat hy nie 'n Jood was nie, hy geïgnoreer kon word. Kan die oorblyfselkerk, wat spog daarmee om die gebooie van God te hou, die waarheid te hê wat ander kerke nie het nie, insluitende 'n duidelik begrip van profesie, in dieselfde put val as die nege melaatses?

Is dit moontlik vir ons om te dink dat God aan ons 'n guns doen deur al die bogenoemde te doen omdat ons Sy gebooie onderhou en Sy waarheid bewaar vir die wêreld, en daarom nie die nodigheid mag sien om dankbaar teenoor Hom te wees nie. Dit is waarlik tragies.

d. Om offergawes te gee, voorsien ons met 'n platform om God na te volg - die groot Gewer.

Van al die materiaal wat ek in my eenvoudige navorsing gevind het, het ek die volgende twee stellings van Ellen G. White baie verstommend gevind. Sy skryf, "Om Sy Seun vir ons wêreld te gee, het God die hele hemel gegee."[8] Op 'n ander plek sê sy weer dieselfde ding, "In die gawe van Jesus het God die ganse hemel gegee."[9]

Wat meer kon God gee, nadat die hemel gegee was? Kan die mensdom vra vir enigiets meer as dit? Die antwoord is, NEE. Dit is waarom dit die moeite werd is om God na te boots. Ons behoort te gee soos wat Hy gegee het.

Wanneer die geleentheid homself voordoen vir ons om offergawes te gee, laat ons onthou om God na te boots deur mildelik te gee. Laat ons die beste gee omdat God ons die beste gegee het. Dit is slegte en selfs valse dissipelskap om die teenoorgestelde te doen as wat ons Meester gedoen het.

1 Johannes 4:19 lees, "Ons het Hom lief omdat Hy ons eerste liefgehad het." Indien die rede waarom ons God liefhet, is omdat Hy ons eerste liefgehad het, dan mag ons net sowel sê dat, "ons gee omdat Hy ons eerste Jesus gegee het." En die geskenk wat Hy gegee het, was die beste wat Hy gehad het. Aangesien "ons Hom liefhet, omdat Hy ons eerste liefgehad het," kan ons selfs verder gaan en sê dat "ons gee mildelik omdat Hy eerste vir ons die beste gegee het."

1. https:/www.jewishvirtuallibrary.org/sacrifices-and-offerings-karbanot, Jewish Practices & Rituals: Sacrifices and Offerings (Karbanot), accessed 06 August, 2018
2. 2 Korinthiërs 9:7
3. Ellen G. White, *Die Gelykenisse van Christus,* 33
4. _______, *The Review and Herald*, January 8, 1889
5. Ellen G. White, *Die Gelykenisse van Christus*, 196
6. Psalm 121:4
7. Psalm 34:7
8. Ellen G. White, *The Health Food Ministry*, 55.
9. _______, *Die Koning van die Eeue*, 473.

# HOEVEEL BEHOORT 'N PERSOON TE GEE AS OFFERGAWES?

Hierdie hoofstuk kan nie eindig sonder om die vraag aan te spreek van hoeveel behoort as offergawes gegee te word nie. Wat sê die Bybel en Gees van Profesie oor hierdie onderwerp?

1. SOOS WAT IN DIE HART VOORGENEEM WORD

Paulus verklaar, "Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief."[1] Elke individu moet besluit hoeveel om as offergawe te gee. Die gewer kom uit by wat en hoeveel om te gee deur die inligting te gebruik wat in hierdie hoofstuk gedek word. Ellen G. White skryf ook:

Ek het gesien dat God se volk vir Hom 'n vrywillige offergawe moet bring; en die verantwoordelikheid behoort heeltemaal aan die individu oorgelaat te word, of hy baie of min sal gee. Dit sal getrou van boek gehou word. Gee die volk van God tyd om karakter te ontwikkel.[2]

Ons kan tot die gevolgtrekking kom uit wat Paulus en Ellen G. White geskryf het dat niemand vir 'n ander persoon kan voorskryf hoeveel om as offergawes te gee nie. Elke persoon moet self bepaal hoeveel om te gee, gelei deur die Heilige Gees.

2. OM TE LEER HOE ANDER IN DIE VERLEDE GEGEE HET

Een manier hoe om te bepaal hoeveel om te gee, is deur lesse te neem oor hoe andere gegee het. Al sou ons nie gee soos die Israeliete gegee het nie, is hulle patroon van gee insiggewend vir

ons. "*The Seventh-day Adventist Theology Handbook" sê*:

Die Israeliete het heelwaarskynlik soveel as 'n kwart tot 'n derde van hulle inkomste vir godsdienstige en liefdadigheidsdoeleindes gegee. Het so 'n groot bydrae tot armoede gely? Inteendeel, God het beloof om hulle te seën in hulle getrouheid (Mal. 3:10-12; *Patriarge en Profete*, 530; “Tithe,” *SDA Bible Dictionary*, rev,ed.,1127).[3] Die godsdienstige aktiwiteite van die Israeliete was befonds deur 'n stelsel wat voorspelbaar was. Dit was nie gebaseer op die aansporing van die oomblik nie. Dit lyk asof gewers baie nagedink het oor wat hulle gegee het.

## 3. DIE LIG WAT ONTVANG IS EN DIE OMVANG VAN DIE TAAK OP HANDE

Die *Sewendedag-Adventiste Glo*, wat 'n amptelike boek is oor die leerstellings wat deur die Sewendedag-Adventistekerk voorgestaan word, sê die volgende oor die onderwerp van offergawes:

As ons ons voorregte en seëninge vergelyk met die van die Israeliete, sien ons dat ons in Jesus gewis 'n groter aandeel ontvang het. Ons dankbaarheid sal ooreenkomstiglik in groter vrygewigheid uitgedruk word, sodat die evangelie van die verlossing aan ander ook verkondig kan word. (Testimonies for the Church, vol. 3, 392). Hoe wyer die evangelie verkondig word, hoe groter ondersteuning het dit nodig.[4]

Om meer lig te werp op die gewig van verantwoordelikheid wat op die skouers rus van God se eind-tyd kerk, het die dienskneg van die Here geskryf:

Kan Christene, wie spog met 'n breër lig as wat die Hebreërs gehad

het, minder gee as wat hulle gegee het? Kan Christene wat na aan die sluiting van tyd leef tevrede wees met hulle offergawes wanneer dit nie die helfte so groot is as daardie van die Jode nie? Hulle vrygewigheid was om hulle eie nasie te bevoordeel; die werk in hierdie laaste dae strek tot die hele wêreld. Die boodskap van waarheid moet na alle nasies, tale, en volke gaan; die publikasies, gedruk in baie verskillende tale, moet soos herfsblare versprei word. [5]

Terwyl elke individu besluit hoeveel om as offergawe te gee, kan die patroon van gee van die Hebreërs ons help om te bepaal wat om te gee. Indien die Hebreërs in ons tyd gelewe het, hoeveel sou hulle aan die Here gegee het?

Groter lig skyn op ons as op ons vaders. Ons kan nie deur God aanvaar en geëer word deur dieselfde diens te lewer, of dieselfde werke te doen, wat ons vaders gedoen het nie. Ten einde deur God aanvaar en geëer te word, soos wat met hulle gebeur het, moet ons hulle getrouheid en ywer naboots, - ons lig verbeter soos wat hulle hulle lig verbeter het, *en doen soos wat hulle gedoen het as hulle in ons dae sou geleef het (*beklemtoning bygevoeg). Ons moet wandel in die lig wat op ons skyn, anders sal daardie lig duisternis word. [6]

Soos wat hierdie wêreld na die einde haas, verlang God dat Sy volk vandag meer vrygewig moet wees as diegene wat voor hulle geleef het. Dit is omdat God se oorblyfsel kerk teen tyd jaag om elkeen met die evangelie te bereik en gereed te wees vir Jesus se koms. Ellen G. White het dit baie goed verstaan toe sy geskryf het,

Nou verwag God, nie minder nie, maar groter gawes as op enige ander periode van die wêreld. Die beginsel wat deur Christus neergelê was, is dat die gawes en offergawes in proporsie moet wees van die lig en seëning wat geniet word. Hy het gesê: "Want aan wie baie gegee is, van hom sal baie vereis word."[7]

Die vereiste vir die verkondiging van die evangelie, en die lig wat God gegee het as dit reg waardeer word, sou nie slegs elkeen van ons gehelp het om te bepaal hoeveel om te gee nie, maar sal maak dat ons meer gee as die geslagte wat voor ons geleef het. Gebaseer op hierdie inligting, laat ekeen van ons gee soos wat hy/sy in sy/haar hart voorneem soos gelei deur die Heilige Gees. Mag God u help, liewe leser en rentmeesterskapopvoeder om God se volk te leer wat van hulle verwag word in die lig van wat u in hierdie hoofstuk gelees het sonder om hulle te dwing, of voor te skryf wat hulle behoort te gee.

---

1. 2 Korinthiërs 9:7.
2. Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 1, 237.
3. Ministerial Association of the General Conference, *Seventh day Adventist handbook on Theology*,
4. *Sewendedag-Adventiste Glo*…, bl. 289.
5. _______, *Testimonies for the Church*, vol 4, p. 79.
6. Testimonies for the Church, vol. 1, 262
7. Testimonies for the Church, vol.3, 392

# GEKOMBINEERDE OFFERGAWEPLAN

Voor die kerk die gekombineerde offergaweplan aanvaar het, was die kalender van offergawes dit wat bepaal het waarheen die offergawe wat op 'n spesiale Sabbat opgeneem was gestuur moes word. Met die aanvaarding van die gekombineerde offergaweplan, word offergawes verdeel in die volgende areas:

Die Wêreldkonferensie

Divisies

Unies

Konferensies en,

Plaaslike kerke.

Dit beteken dat aktiwiteite van die vyf areas hierbo deur die gedeelte wat elkeen ontvang, ondersteun word. Byvoorbeeld, Ramp en Noodleniging offergawe wat op 'n aangewese Sabbat opgeneem was, kry nou fondse van die Wêreldkonferensie se gedeelte. Los offergawes, tensy opgeneem vir 'n spesifieke aangekondigde program, word versprei aan die vyf areas soos aangetoon, ooreenkomstig die volgende persentasies:

Wêreldkonferensie (WK) 20%

Divisie (SID) 5%

Unie 5%

Konferensie 20%

Plaaslike Kerk 50%

**Voorbeeld**

Naam: Hamanga K

**Offergawes**:

Wêreldkonferensie…... R 500

Divisie…………………..R 125

Unie……………………..R 125

Konferensie ..................R 500

Plaaslike Kerk...……..R 1 250

Totaal…...…………….R 2 500

Ongeag die bedrag van offergawes wat opgeneem word of in 'n koevert geplaas word, bly die verdeling dieselfde. Al die offergawes wat op Sabbat opgeneem word, word saamgevoeg en volgens die persentasies hierbo gewys, verdeel.

Indien lidmate offergawes sistematies en mildelik gee, sou daar meer hulpbronne in elke plaaslike kerk wees om sy aktiwiteite uit te voer. Die ondergang van hierdie plan is dat daar meer lidmate is wat tiende teruggee as diegene wat offergawes gee. Sommige mense voel dat wanneer hulle tiende teruggegee het, hulle verpligting nagekom is en vergeet dat God van hulle verwag om hulle liefde vir Hom, hulle dankbaarheid vir alles wat Hy vir hulle gedoen het, en die behoefte om ander areas soos skole, hospitale en uitgewerye te ondersteun deur milde offergawes te gee. Die gewer het nie die bybelse plig vervul tensy tiendes en offergawes gelyktydig gegee word nie.

# DOELBEWUSTE BESOEK

Besoek net soos enige ander program behoort doelbewus te wees indien dit die verlangde resultate wil bereik. 'n Doelbewuste besoekprogram het die volgende karaktereienskappe:

1. DIT IS GOED BEPLAN

Besoek wat bedoel is om die gewensde resultate te verkry, moet nie op 'n toevallige manier gedoen word nie. Weet wanneer om te begin, wie besoek moet word en stel 'n verslaggewing sisteem in plek. Weet wie onderskeidelik in die eerste, tweede, derde en vierde kwartale besoek sal word. Daarna, weet wie in die eerste, tweede, derde en vierde week van elke maand besoek sal word. Sonder behoorlike beplanning, sal jare verbygaan sonder dat ouderlinge hulle lidmate besoek.

2. DIT WORD GETEIKEN

Weet wie u besoek en wat u gaan sê. Indien u nie weet wie u besoek nie, kanselleer dan u voorneme om te besoek.

3. DIT IS 'N PROGRAM WAARVOOR GEBID WORD

Geen geestelike program kan suksesvol wees sonder gebed nie. Ons behoort altyd te onthou dat sonder God om lewe in ons programme te sit, hulle nie sukses kan behaal nie.

4. DIT IS GEFOKUS

Indien u ander dinge het om te bespreek, maak dan 'n nuwe afspraak, maar moet nooit toelaat dat enige besigheid met u besoek kompeteer nie. Dit is belangrik dat sodra die onderwerp van u besoek verby is, 'n gebed gedoen word en u onmiddellik moet gaan voordat dit wat u gesê was verwater.

## 5. DIT WORD OPGEVOLG

Indien u die eerste besoek u laaste maak, het dit gevolge. Om op te volg, help om diegene wat besoek word, aanspreeklik te hou.

## 6. DIT IS VERTROULIK

Maak dit 'n reël om nooit te verklap wat u in vertroulikheid vertel was deur dit 'n onderwerp van openbare verbruik te maak. Niks sal hierdie program laat misluk soos wanneer lidmate hulle vertroue in diegene verloor wat besoekwerk doen.

## 7. DIT IS VERLOSSING GESENTREERD

Soos wat die ouderling besoek, behoort dit sy las te wees om diegene wat hy besoek nader aan die Here te trek. Daar behoort 'n merkbare verskil te wees tussen 'n ouderling se besoek en 'n besoek deur enige ander persoon. Die persoon wat besoek word, behoort altyd uit te sien na nog 'n besoek as gevolg van die aura wat die ouderling omring.

## 8. DIT BEANTWOORD VERSKONINGS EN BESWARE

Behalwe om mense wat hy besoek aan te moedig en vir hulle te bid, behoort hy deur God se hulp verskonings en besware wat mense het vir om nie tyd te vind om die bybel te studeer nie, om nie middagprogramme by te woon nie en om nie tiende en offergawes terug te gee nie, te beantwoord. Dit is 'n teken van swak voorbereiding aan die kant van die ouderling vir hom om te wag vir die persoon wat hy besoek om al die verskonings en besware waaraan hy/sy kan dink te maak, voordat hy dit beantwoord. Mense wat nie tiende teruggee nie, het byvoorbeeld soortgelyke verskonings en besware: skuld, gebrek in vertroue aan diegene wat kerkfinansies hanteer, inkomste nie genoeg om hulle toe te laat om tiende terug te gee nie, ens.

## 9. DIT STEL DIE KLIËNT NIE IN DIE VERLEENTHEID NIE

'n Verhaal word vertel van 'n ouderling wat 'n sekere gesin 'n paar keer besoek het om hulle aan te moedig om getrou te wees, maar sonder sukses. Eendag, toe hy die gesin besoek het, was hy sprakeloos oor wat hy gesien het. Hy het op 'n bank gesit wat hy slegs in Hollywood rolprente gesien het. Voordat hy van sy skok kon herstel, was hy gegroet deur 'n plasmaskerm wat hy nog nooit vantevore gesien het nie. Of dit nie genoeg vir hom was nie, was hy bedien met die lekkernye wat in 'n stoof gebak was wat hulle nooit voorheen gehad het nie.

Toe die ouderling sy mond oopgemaak het, het hy "hardop uitgeroep" en hulle nie gespaar nie. Hy het hulle herinner aan die baie besoeke wat hy sonder sukses gedoen het. Hy het vir hulle gesê dat terwyl hulle rykdom opgegaar het, hulle tiende verwaarloos het. Hy het elke item wat hy gesien het, genoem insluitende wat hy gedink het in die slaapkamer was. Teen die tyd was die man se vrou in trane. Die ouderling het hom egter nie laat afsit nie. Hy het gesê dat trane alleen nie vir hulle ontrouheid kon versoening doen nie. Die man, wat gevoel het dat hy sy vrou gaan verloor, het die ouderling in die rede geval deur 'n vraag te vra, “Onthou jy die aankondiging oor ons siek seun?" waarop die ouderling geantwoord het dat die siekte van die seun niks te doen het met hulle ontrouheid nie omdat hy ook 'n siek kind gehad het maar nog steeds getrou was in tiendebetaling.

Die man het aangehou met sy onderbreking, totdat die ouderling stil gebly het om spoeg te sluk. Gedurende hierdie kort onderbreking, het hy vertel hoe hulle na Suid-Afrika gegaan het om hulle seun te verpleeg totdat hy gesterf het, en aangesien die seun nie getroud was nie, het die maatskappy waarvoor hy gewerk het, alles wat hy gehad het, vervoer en dat alles wat in die huis was, aan hulle oorlede seun behoort het. Hy het vir die ouderling gesê dat sy herhaaldelike verwysings na die goed in die huis sy vrou aan haar seun herinner het. Wat sou u gedoen het indien u daardie besoekende ouderling was? Dit is denkbeeldig maar waar.

## 10. DIT IS RESULTAAT GEORIËNTEERD

Enige besoek wat die moeite werd is om te onderneem, is resultaat georiënteerd. Indien u nie positiewe resultate van u besoek verwag nie, het u waarskynlik 'n ander agenda vir die besoek en daarom, laat vaar dit.

## 11. DIT VERHOOG DIE EEN WAT BESOEK WORD NA DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

'n Persoon wat besoek word, behoort te voel dat hy of sy in die teenwoordigheid van God was gedurende u besoek. Vir mense om egter so te voel, behoort die ouderling 'n noue verhouding met God te hê.

# OM GOEDERE TE GEE

Terwyl rentmeesterskap byeenkomste in Namibië gehou was, het een lidmaat wat baie jare in die kerk was, gevra waarom die kerk nie meer lidmate toelaat om hulle goedere as offergawes te gee soos wat dit vroeër dae in die kerk was. Alhoewel ek geen kommunikasie daaroor onthou dat mense moes ophou om goedere te gee nie, lyk dit asof die geldelike vorm van gee die een is wat die meeste aangemoedig word. Dit laat diegene met plaasprodukte en soortgelyke goedere, uitgelaat voel. Moderniteit het een soort gewers ingebring en opgehef - gewers van geld.

Elke persoon behoort toegelaat te word om te gee in die vorm wat gerieflik is. Die Bybel wys dat die kinders van Israel tiendes en ook goedere as offergawes gegee het. Levitikus 27 is 'n hoofstuk wat toegewys is aan die gee van goedere as van tiendes. Meer mense sou tiende gegee het, indien hierdie aangemoedig was.

1. OM GOEDERE TE GEE, IS MAKLIK

Dit lyk asof mense dit moeiliker vind om van geld afstand te doen as om goedere te gee. Dit kan wees omdat geld maklik is om te gebruik en te dra anders as materiële dinge, en daarom verkies mense om daaraan vas te hou. Bykomend, lyk dit asof geld taai is. Dit neig om aan die vingers van gewers vas te klou.

Baie boere het bely dat hulle dit makliker vind om goedere as tiende terug te gee nadat hulle hulle plaasprodukte verkoop het. Mense behoort egter nie goedere as tiende of offergawes te gee omdat sodra hulle kontant in hulle hande het, dit nie vir hulle moontlik is om te gee nie. Deur die gee van goedere te promoveer, verskoon ek nie diegene wat nalaat om aan God tiende terug te gee sodra kontant in hulle hande is nie. Selfsug kan die hoofrede wees waarom mense nalaat om tiende en offergawes terug te gee van die geld wat hulle het.

## 2. ALMAL KAN GEE

Daar is tye wanneer die armes voel dat hulle verskoon word omdat hulle nie geld het nie. Almal het egter iets om te gee, hoe klein ookal. Toe hierdie werk begin het, het mieliekoppe na die skathuis gekom, waarom nie vandag nie? Wie het gesê dat God wat 'n honderd jaar gelede mieliekoppe aanvaar het, verander het? Elke persoon moet gee soos wat die Here hom of haar geseën het. God sal nog steeds tevrede wees om aanbid te word met die gee van ons goedere. Diegene in leierskap behoort altyd die volgende in gedagte te hou rakende goedere wat gegee is:

### Goedere wat gegee word, trek die aandag

Goedere wat gegee word, trek aandag omdat dit gesien kan word. Die aandag wat ontstaan deur goedere wat gegee is, vra vir uiterste sorg van diegene in beheer met die verantwoordelikheid om toesig te hou oor sodanige gawes.

Moet nooit dink dat niemand sien nie. Dit is slegte rentmeesterskap om God se eiendom te misbruik of verkeerd te hanteer. In baie gevalle het diegene wat probleme het om goedere as tiende en offergawes te hanteer, self persoonlike probleme met tiendebetaling. Daar is vele voorbeelde van mense wat opgehou het om goedere as tiende en offergawes te gee, omdat wat hulle gegee het, misbruik was. Dit is makliker vir iemand wat opgehou het om tiende terug te gee in geldelike vorm om dit te hervat, as vir een wat gewoond was om dit as goedere te gee om dit te hervat. Ek weet nie waarom dit so is nie. Een rede kan egter wees dat gewers van goedere identifiseer met wat hulle gee, meer as gewers van geld. Hulle weet hoeveel arbeid en tyd hulle belê het om in staat te wees om goedere te gee. Dit is om hierdie rede wat gewers van goedere dikwels vra, "Is dit al wat die kerk kan doen vir al die moeite wat ek daarin gesit het om hierdie te produseer?

## 3. GEWERS VAN GOEDERE NEIG OM NA TE SPOOR WAT HULLE GEGEE HET

Daar is individue wat bewys kan gee van hoe tiende en offergawes van goedere in die verlede misbruik was. Sodanige mense is skepties wanneer ookal daar 'n oproep is om goedere te gee. Vir sommige wat gesien het hoe kerkampsdraers hulleself verryk het met wat God se volk gegee het, dink dit is 'n vinnige manier om te kry wat hulle wil hê. Mense het geleer om niemand te vertrou nie. Eerlikheid en versigtigheid behoort 'n karaktertrek te wees van diegene wat gawes van goedere ontvang en daarvan ontslae raak. Deursigtigheid is die sleutel om gewers van goedere te wen.

## 4. WEES VERSIGTIG WANNEER 'N PRYS GEMAAK WORD

Wanneer daar 'n heersende mark is vir wat gegee was, gebruik dit. Waar die waarde deur markte bepaal word, vra die donateur om voorstelle te maak. Om gawes van goedere te verkoop teen 'n weggeeprys stuur die verkeerde tekens na die gewer en na gewers wat wil gee. Wie kan gelukkig wees om te sien dat dit wat hulle as goedere gegee het teen 'n weggeeprys verkoop word?

Diegene in beheer van die verkoop van wat as goedere gegee is, behoort die laaste te wees om hulle gewilligheid te toon om die kommoditeit te koop. As 'n beginsel, is dit die beste om belangstelling te toon indien niemand in die kommoditeit belangstel nie. "Lei ons nie in versoeking nie ..." Moenie huidige gewers van goedere in die versoeking stel om op te hou om te gee as gevolg van die misbruik wat gepaard gaan met gee van goedere.

## 5. WAT IN GOEDERE GEGEE WORD, KAN MAKLIK WANBESTUUR WORD

Sommige redes wat aanleiding gee vir die wanbestuur van wat as goedere gegee is, is die volgende:

a. Vertraging om ontslae te raak van die gawes. 'n Persoon neig om te dink dat dit nie verkoop kan word nie.

b. Huidige behoeftes moet in voorsien word, bv. mielies wanneer u nie voedsel het nie of 'n os wanneer u self een nodig het.

c. Geen kwitansies gegee nie (op sommige plekke).

d. Afstand na die mark.

Deur hierdie redes te erken, verskoon ek nie enigiemand wat dinge wat aan God gegee is, wanbestuur nie. Dit behoort in gedagte gehou te word dat in die hele heelal 'n verskoning om verkeerd te doen, nog gevind moet word. Geen omstandighede behoort te veroorsaak dat iemand God en Sy begunstigdes bedrieg van wat hulle s'n is.

6. GEE KWITANSIES

Een oorsaak van wanbestuur van goedere as tiende en offergawes is die afwesigheid van kwitansies vir hierdie soort van gee. Om kwitansies te gee bevorder deursigtigheid en gee die versekering dat wat gegee was, die verlangde destinasie bereik het. Indien kwitansies nie gegee word nie, dan kan skinderpraatjies seëvier. Voordat daar begin word met die promosie van die gee van goedere, maak seker dat die kwessie van kwitansies in plek is. Indien kwitansies gegee sou word nadat die geskenke verkoop is, behoort die hele kerk daarvan bewus gemaak te word. Mense wil nie verrassings hê nie, behalwe wanneer dit kom om iets te ontvang wat hulle nooit verwag het nie.

7. HOU U BELOFTE

Indien u die gewers beloof dat 'n mark sal soek vir hulle produke, doen dit dan. Indien u vir mense sê dat hulle plaasprodukte ingesamel sal word of dat u vir hulle leë sakke sal gee om dit wat hulle as goedere gee, in te sit, moet nooit teruggaan op u woord nie, omdat dit sal veroorsaak dat mense vertroue in die stelsel sal verloor.

Moenie toelaat dat iets wat gegee is, verkwis word nie. Dit is 'n misdaad en dit sal mense ontmoedig om te gee. Om toe te laat dat goedere as tiende en offergawes verkwis word, is 'n "rentmeesterskap-skandaal".

Ons hoop die raad in hierdie hoofstuk kan toegepas word, en indien daar enigiets anders is wat nie hier voorgestel is wat getrouheid van goedere as tiende en offergawes kan bevorder, voel vry om dit te doen. Saam kan ons meer bereik.

# MOTIVERENDE FAKTORE OM TE GEE

Mense gee omdat hulle gemotiveer word om dit te doen. Sonder motivering, kan niks aan die gang kom nie. Die vraag is, wat is die faktore wat mense motiveer om te gee?

1. GOEIE GEVOELENS

Om te gee, gee 'n gevoel van bevrediging. Mense wat gee, voel goed en daardie goeie gevoel motiveer hulle om aan te hou om te gee.

2. DEERNIS VIR DIE WAT SWAAR KRY

Sommige mense word aangeraak deur die lyding van hulle medemense en hulle neem dit op hulleself om alles in hulle vermoë te doen om daardie lyding te verlig. Hoe meer 'n persoon deernis het met die lydendes, hoe meer gee iemand.

3. DIE BEGEERTE OM GESIEN TE WORD

Daar is mense wat gee om gesien te word. Hulle wil hê dat dit bekend moet word dat hulle gewers is. Baie Fariseërs het gegee ten einde gesien te word.

4. LIEFDE

Liefde is 'n belangrike motiverende faktor om te gee. As menslike wesens, demonstreer ons ons liefde vir andere, deur te gee. God Self het Sy liefde vir ons gedemonstreer deur ons Jesus te gee soos Johannes 3:16 sê. Hier is kenmerke van hierdie tipe van motivering:

a. Dit is nie spyt oor die daad wat gedoen is nie.

b. Dit kyk nie vooruit om vergoed te word nie.

c. Daar is geen selfvertoning hier nie.

d. Dit is om te gee sonder voorwaardes.

e. Hiedie soort van gee is onnatuurlik vir ons menslike wesens.

5. DIE RENTMEESTERSKAP MOTIEF

Hierdie is 'n erkenning dat alles wat aan ons toevertrou is, is vir diens aan God en ons medemense. Hierdie soort motivering is hoër grond wat slegs bereik kan word met die hulp van God. Wanneer u weet dat middele of hulpbronne in u hande daar is om God en die mensdom te dien, sal u nie wag vir oproepe om te gee nie, maar in plaas daarvan sal u soek na maniere waarop u kan gee en mense of behoeftes om voor te gee.

6. DIE WEDERKERIGE MOTIEF

Hierdie tipe motivering ontstaan deur die feit dat ons ook ontvangers is van ander mense wat gee. In 1 Johannes 4:19 sê die Bybel dat, "Ons het lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het". Menslike wesens is veronderstel om die liefde wat hulle eerste deur God gewys was, te vergoed. Diegene wat ontvangers was van ander mense se vrygewigheid, sal nooit gemaklik wees totdat hulle die guns wat aan hulle bewys was, terug gedoen het nie.

7. BELONINGS

Omdat hulle weet dat om te gee belonings meebring, het baie gemotiveer om te gee. God het ook belonings vir diegene wat gee soos wat Hy in Maleági beloof het. Wanneer daardie belonings egter stadig is om te kom, onttrek baie hulle gawes. Ons gawes moet verder gaan as belonings.

## 8. DIE THEOS FAKTOR

Net soos Dawid, gee die gewer as 'n manier van erkenning van die eienaarskap van God. Met ander woorde, die gewer gee dank aan God vir die seëninge wat op hom uitgestort is of die vriendelikheid wat aan hom bewys is (1 Kronieke 29). Tot 'n groot mate, kan ons onvermoë om te gee, toegeskryf word aan om opsetlik hierdie faktor te verbloem. Die dag wanneer ons erken wat God is en in en vir ons gedoen het, sal selfsug uit ons harte wegvlug. Die God faktor is die beste motivering om waarlik te gee.

## SKULD: DIE EWIG-TEENWOORDIGE GEVAAR VIR GETROUHEID

Indien daar iets is wat getrouheid in rentmeesterskap bedreig behalwe selfsug, is dit die lokaas van skuld. Dit is baie onwaarskynlik vir mense wat in skuld is om getrou te wees in die teruggee van tiende en offergawes. Dit is nie slegs rentmeesterskap wat ly nie maar ook die gesin. Gesinne van skuldbelaste mense ken byna nie vrede en harmonie in die huis nie. Dit is omdat finansiële uitdagings alle ander aspekte van die huis uitdaag. Voordat ek die beweegrede vir skuld aanspreek, laat ek eers die uitwerkings van skuld op die gesin hanteer. Dit is belangrik om die skuldlas aan te spreek uit 'n gesinsperspektief omdat soos ons vroeër gesê het, dit veroorsaak skade buitekant.

1. DIT MAAK DIE GESIN SLAWE VAN DIE SKULDEISER (SPREUKE 23:7)

Wanneer 'n gesinslid in skuld is, word die hele gesin daarin getrek, veral wanneer die familielid die broodwinner is. Wat een in die gesin affekteer, affekteer almal. Wat ookal die uitlener besluit om met die lener te doen, affekteer almal in die gesin. Die gesin word slawe van die uitlener deur middel van een lid van die gesin wie se neiging vir skuld onversadigbaar is.

2. SKULD LEI NA DIEPER SKULD

Sonder twyfel, skenk skuld in baie gevalle geboorte aan meer skuld. In 'n poging om vir die gesin te sorg, sal iemand in skuld sy toevlug neem tot meer skuld. Daar is mense wat in 'n siklus van skuld is. Hulle leen geld om diegene terug te betaal wat hulle skuld

en die sirkel gaan ongebroke voort. Selfs wanneer raad gegee word om nie verder skuld te maak nie, sal baie sê, “Wat kan ek doen? Ek kan nie my gesin laat swaar kry nie of op leë mae laat gaan slaap nie" Hoe wens mens nie dat hulle hulle gesin in ag sal neem voordat hulle in skuld raak nie.

3. SKULD SAAI SADE VAN WANTROUE TUSSEN EGGENOTE

Eggenote, waar een 'n skuldverslaafde is vertrou dikwels nie mekaar nie. Dit is meer so indien die skuldverslaafde die man is. Die vrou sal sukkel om die man te vertrou en te glo dat sy skulde slegs aangegaan word alleenlik vir die gesin. Dit is net so waar dat manne ook nie 'n vrou sal vertrou wat 'n skuldverslaafde is nie. Vir vertroue om herstel te word tussen eggenote moet skuld uitgeskakel word.

4. SKULD VEROORSAAK KONFLIK IN DIE HUIS

Wanneer voedsel nie langer op die tafel gesit kan word as gevolg van skuld nie, vereis dit nie 'n profeet of profesie dat in sodanige huis, konflik aan die orde van die dag sal wees nie. Die onskuldige party sal nie tevrede wees met die lyding onder die een persoon wat moeilik Nee sê vir skuld nie. Kan 'n moeder of vader gelukkig wees om te sien dat kinders uit die skool gaan weens skuld? Kan die moeder soentjies blaas vir 'n vader van haar kinders terwyl hulle by haar huil vir voedsel. Of sal die man die vrou 'n drukkie gee wanneer sy hele salaris moet gaan om haar skuld te betaal? Skuld kan selfs tot egskeiding lei.[1] Al hierdie voorbeelde wys dat wanneer die gesin in skuld gedompel is, konflik sekerlik gaan volg.

5. SKULD STREM DIE VOORUITGANG VAN DIE GESIN

Nie slegs sal 'n gesin in skuld konflik ervaar nie, maar die vooruitgang en ontwikkeling sal ook gestrem word. Gesinne in skuld

mag dit moeilik vind om te spaar. Waar sal middele vandaan kom om te spaar wanneer al die inkomste gaan om skuld te betaal? In plaas van om 'n nuwe huis te bou, mag 'n gesin in skuld dalk die een verloor waarin hulle is. Terwyl andere plase koop, mag 'n gesin in skuld hulleself bevind om op die uitkyk te wees vir kopers om 'n stuk van hulle grond te koop. Skuld is 'n vyand vir gesinsontwikkeling en bring oneer daarop.

6. SKULD MAG 'N PERSOON UIT DIE HUIS DRYF

Om die verleentheid te vermy om op geskree te word deur uitleners, mag die onskuldige party kies om te verhuis. Waarskynlik mag nie slegs die onskuldige party nie maar ook die skuldige weggaan sodat die uitleners hom of haar nie langer sal pla nie. Ongelukkig sal die wat agter bly nie gespaar word deur die uitleners nie. Sommige van diegene wat groot bedrae skuld word mag na die howe toe gaan en die balju's sal op diegene toeslaan wat alreeds onder stres is. Hierdie balju's mag dalk elke laaste pennie wat die gesin aan vasgehou het kry. Skuld bring nie in nie, dit neem altyd weg. Dit bring my by 'n ander punt.

7. SKULD KAN LEI TOT BEHOEFTIGHEID - SKULDEISERS KOLLEKTEER ALLES

Wanneer balju's beslag lê op die laaste wat ons het, kom behoeftigheid die huis binne. Tensy skuld bestuur en onder beheer gebring word, mag dit net 'n kwessie van tyd wees voordat 'n voorheen gerespekteerde persoon behoeftig raak. Daar is miskien niks meer pynlik as 'n persoon wat eens ryk was om tot behoeftigheid verlaag te word nie. Die onvermydelike gevolg van behoeftigheid vir 'n persoon wat eens ryk was, mag vernietigend wees. Voordat dat u skuld aangaan, is dit belangrik om die negatiewe implikasies daarvan te oorweeg. Skuld mag die kort genot bring van om dit en dat te hê, maar die gevolge daarvan is langdurig. Dit is belangrik vir gesinslede om die koste van skuld te bespreek voor dit aangegaan word, omdat die pad van skuld lank en moeilik is.

## 8. DIT LAAT ONS BEHEER VERLOOR OOR ONSSELF EN WAARVOOR ONS GEWERK HET

Soos wat Salomo in Spreuke 22:7 gesê het, is die lener die dienskneg van die een wat uitleen, en sonder twyfel is dit dat 'n slaaf geen beheer oor homself het nie. Die meester het dit alles. Skuld verminder waardigheid tot 'n punt waar die skuldenaar selfs deur 'n seun beheer word indien die seun die uitlener is.

Die uitlener het die sê wanneer dit kom by wat om met die eiendom van die lener te doen. Dit is die dubbele tragedie: Verlies van beheer oor u lewe en verlies van beheer oor waarvoor u in u hele lewe gewerk het. Is skuld die moeite werd indien hierdie die gevolge is?

## 9. SKULD KAN DIE TOEKOMS VAN KINDERS RUÏNEER

Een van die ongelukkige gevolge van skuld indien dit uit proporsie gaan, is dat dit die toekoms van kinders in gevaar stel. Hierdie onskuldige siele wie nie gekonsulteer was toe die skuld aangegaan was nie, word die slagoffers daarvan. Terwyl ouers hulle korttermyn doelstellings mag bereik het, as gevolg van die langtermyn skade, het kinders nog steeds 'n twyfelagtige toekoms om in die gesig te staar. Dit is dus belangrik vir ouers om nie die welstand van hulle kinders in gevaar te stel deur onnodige skuld nie. En onthou dat dit nie slegs die toekoms van kinders is wat in gevaar gestel word nie - baie ander mense se toekoms kan ook in gevaar gestel word.

## 10. DIT LAAT DIE GESIN WANBETAAL OP NIE-ONDERHANDELBARES - TIENDE EN OFFERGAWES

Een groot oorsaak van ontrouheid in tiende en offergawes is skuld.

Baie gesalarieërde werkers is bly wanneer betaaldag kom, maar wanneer daardie dag verby is, is daar niks oor om huistoe te neem nie as gevolg van al die aftrekkings wat gemaak was vir dinge wat hulle op krediet gekry het. Skuld bedreig die eintlike missie wat God aan Sy kerk gegee het. Dit maak dit belangrik vir elke rentmeesterskapopvoeder om die onderwerp van skuld of persoonlike finansies 'n integrale deel van sy of haar lering te maak.

Mense wat diep in die skuld is, is dikwels nie in staat om tiende terug te bring en offergawes aan God te gee nie. My bietjie ervaring met mense in skuld het my gewys dat hulle dit dikwels maklik vind om hulle skuldlas te gebruik as 'n verskoning om nie tiende terug te gee nie. Toe sy geskryf het oor verskonings van mense waarom hulle nie hulle deel doen in tiende en offergawes nie as gevolg van skuld, het Ellen G. White gesê:

Sommige het nie getrou en verenig gebly in die plan van stelselmatige vrygewigheid nie, en verskoon hulleself omdat hulle nie vry van skuld was nie. Hulle pleit dat hulle eers "aan geen mens iets verskuldig moet wees nie." Die feit dat hulle in skuld is, verskoon hulle egter nie. Ek het gesien dat hulle aan die Keiser die dinge behoort te gee wat aan Keisers toekom, en aan God die dinge wat God s'n is. Sommige voel verplig om "aan geen mens iets verskuldig te wees nie," en dink dat God niks van hulle kan vereis totdat hulle skuld alles betaal is nie. Hier mislei hulle hulleself."[2]

Aangesien skuld niemand kan verskoon van tiendebetaling nie, is dit nie om dit nie in die eerste plek aan te gegaan het nie. Die pad na 'n skuldvrye lewe is nie maklik nie maar is gangbaar. En nou dat die gevolge van skuld aangepak was, vestig ek my aandag op die voorkoming van skuld.

---

1. Howard Dayton, *Free and Clear: God's Road Map To Debt-Free Living*, 20.
2. Ellen G. White, Testimonies for the Church, vol. 1, p. 220.

# HOE OM SKULD TE VERMY

Laat ek aan die begin erken dat ek nie 'n gesaghebbende hieroor is nie. Wat ek geskryf het, was verkry van my ervaring as predikant wat te doen gehad het met mense in skuld. Enige persoon met iets om te deel in hierdie verband is vry om dit te doen en sodoende bruikbare inligting by te dra op hierdie gebied wat getrouheid bedreig. Die volgende is sommige stappe om te neem ten einde nie in die slagyster van skuld te beland nie.

1. TEVREDENHEID (1Timótheüs 4:6-8)

Een van die hoofredes dat mense hulleself in skuld bevInd, is 'n gebrek aan tevredenheid. Ontevredenheid is nie opsigself sleg nie. Inderdaad daarsonder, sou niemand sukses wou behaal in wat hulle doen nie. Dit is ontevredenheid wat maak dat mense streef vir uitnemendheid. Sodra u tevrede raak met u prestasies word die plek vir groei kleiner en kleiner. Ontevredenheid kan egter ook negatiewe uitwerkings hê. Een van hierdie is om mense in skuld te lei. Op elke stadium van die lewensreis hier op aarde, is tevredenheid 'n skild daarteen om betrokke te raak in aktiwiteite wat nie deur die woord van God goedgekeur word nie. Terwyl daar gestrewe word om te verbeter, behoort ons tevrede te wees met wat ons het. Dit mag teenstellend voorkom, maar dit is 'n feit van die lewe. Aanvaar wat u huidiglik het terwyl u uself uitdaag om daarop te verbeter. Tensy hierdie balans verkry word, kan ontevredenheid sonder leiding, lei tot desperaatheid en desperate mense mag dinge doen waaroor hulle later spyt sal wees dat hulle dit gedoen het.

## 2. LEER OM TE SPAAR (Prediker 11:1)

Beplanning is belangrik as ons wil hê môre moet beter wees as vandag. Sonder om aan môre te dink, sal ons net vir vandag lewe en wanneer môre kom, sal ons nie voorbereid wees nie. Ek onthou altyd hoe my moeder ons altyd herinner het "dink aan môre." Niemand moet so leef asof daar geen môre sal wees nie, en deur te dink aan môre, behoort ons iets eenkant te plaas om dit aangenaam te maak.

Dit is 'n goeie beleid vir die gesin om 'n bietjie eenkant te plaas van wat hulle verdien as spaargeld vir die dag van môre. Omdat ons nie kan voorspel wat in die toekoms sal gebeur nie, help om te spaar ons om onverwagte gebeurlikhede in die toekoms met redelike gemak te kan hanteer.

## 3. WERK OP 'N BEGROTING (Lukas 14:28)

Mans en vrouens wat nie in die lokval van skuld wil beland nie behoort 'n poging aan te wend om saam te sit en 'n begroting op te stel waarby hulle kan hou.[1] Alhoewel dit nie altyd maklik is om saam te stem op elke punt nie, moet daar 'n houding van gee-en-neem wees tussen die twee indien die begroting in plek moet bly. Wat die begroting net 'n akademiese oefening maak, is 'n mislukking deur die een of die ander party om hulle voorkeur begrotingsitems te laat gaan. Indien u sterk voel dat u item onregverdiglik uitgesluit was uit die begroting, mag u besluit om die begroting te ignoreer en roekeloos te begin spandeer. Aan die ander kant, geen belangrike item behoort uit die begroting gelaat te word net omdat die vrou of man dit as 'n beheermaatreël wil gebruik nie. Nie die man of die vrou behoort die begroting te gebruik om die ander te beheer nie.[2]

## 4. MOENIE OORAMBISIEUS WEES NIE

Tensy realistiese prioriteite daargestel word, sal om skuld te vermy, 'n moeilike, opdraende stryd wees. Elke indivu moet die werklikheid aanvaar van om nie in staat te wees om alles wat ons wil hê onmiddellik te kry nie. Dit mag

voorkom asof 'n persoon nie vinnige vordering maak om dit of dat te verkry nie, maar dit is beter om lank te wag vir wat u nodig het as om in die bodemlose put van skuld te val.

5. VERMY MOOI STORIES VAN DIEGENE IN SKULD

Om te luister na en mense te onthaal wat in skuld is, is 'n resep om in skuld te beland. Daar is min eerlike mense wie sal raad gee teen wat hulle in betrokke is. 'n Persoon wat nie in skuld wil kom nie, behoort skuldvrye mense vir vriende te kies.

6. WAAR MOONTLIK VERMY OM DINGE TE KOOP OP KREDIET/ HUURKOOP

'n Skynbare "onskuldige manier" om in skuld te kom, is om dinge op krediet of huurkoop te koop. Terwyl om dinge op krediet of huurkoop te koop u in staat mag stel om dit wat u wil hê onmiddellik te kry, is die gevolge ontsettend. Ek is nie in staat om 'n absolute reël hier te noem nie, maar gee slegs net 'n waarskuwing. Indien dit nie 'n kwessie van lewe of dood is nie, moenie enige item op krediet of huurkoop koop nie.

7. VERMY VEELVULDIGE LENINGS VAN FINANSIËLE UITLENERS

Die tragedie van ons tyd is die beskikbaarheid van finansiële uitleeninrigtings wat nie kan wag vir kliënte om te kom nie, maar in werklikheid uitkyk vir moontlike skuldenaars. Aangesien hulle hulle deel van u salaris kry voordat u dit kry, gee hulle nie om wat met u gebeur nadat daar aan hulle vereistes voldoen is nie. Sommige van hulle sal u skakel net voordat u ontslae raak van die skuld deur die laaste paaiement te betaal. U mag daarna kyk as goeie kliëntesorg maar dink tweekeer voordat u u bestaande lening herfinansier. Verbeel u wat sou gebeur met u oorlewende gesinslede, indien u sou sterf met veelvuldige onbetaalde leningsfasiliteite.

## 8. WEES VERSIGTIG WANNEER U ADDISIONELE MANIERE ORWEEG OM EKSTRA GELD TE VERDIEN

Dit mag nodig wees en, indien u die tyd het, selfs raadsaam om 'n tweede werk te kry, maar terwyl u dit oorweeg om u werkslading te verhoog, dink aan die volgende:

a. U mag u gesin beroof van kwaliteit tyd.

b. U mag verlies ly aan ouerskap indien u nog jong kinders het.

c. Die risiko om gesondheid te verruil vir 'n paar munte is nooit die moeite werd nie.

d. Die risiko om betrokke te raak in twyfelagtige besigheid moet altyd teen gewaak word.

Ek kan nie onthou waar nie, maar ek het eenkeer hierdie goeie raad gelees of gehoor, "Verdien dit op so 'n manier dat jy in die aande kan slaap". Ek gee volle krediet aan wie ookal met hierdie waardevolle gedagte vorendag gekom het.

## 9. VERMY DIT OM EKSTRA DRUK OP U EGMAAT TE PLAAS OM MEER TE VOORSIEN AS WAT HY/SY IN STAAT IS

In sommige gevalle, word skuld aangegaan as gevolg van die druk wat op die egmaat geplaas word deur die maat om te voorsien. In 'n poging om die ander nie in die steek te laat nie, mag ons uit ons pad gaan om ons maat se begeertes te bevredig, ongeag die vernietigende uitwerking daarvan om dit te doen. Egmaats in 'n vehouding behoort selfbeheersing toe te pas in wat hulle wil hê sodat die een wat hulle liefhet en hulleself nie in skuld beland nie.

## 10. BRING U TIENDE EN OFFERGAWES TERUG

Nog 'n ander manier om skuld te vermy, is om getrou te wees in die teruggee van tiende en offergawes. Aanvaar God se uitdaging in Maleági 3:10. Hy het beloof om die vensters van die hemel te open met seëninge vir diegene wat tiende teruggee en offergawes gee. Die psalmis het van God se getrouheid getuig om Sy deel van die ooreenkoms te hou wanneer hy skryf, "Ek was jonk, ook het ek

oud geword, maar nooit het ek die regverdige verlate gesien, of dat sy nageslag brood soek nie.”[3] 'n Ander vertaling lees, "Ek is nou oud; ek het lank gelewe, maar ek het nooit gesien dat goeie mense deur die HERE verlaat word of dat hulle kinders bedel vir voedsel nie."[4]

Dus, om verskonings te maak vir ons nalating om tiende terug te bring en offergawes te gee, is nie slegs verkeerd nie maar voorbedagte rowery. Ons durf nie gewilliglik in skuld betrokke te raak om dit later te gebruik as 'n verskoning omdat ons faal om 'n "So sê die Here" te gehoorsaam nie.

Wat om te doen wanneer alreeds in skuld

a. Aanvaar u skuldlas en praat daaroor.

b. Aanvaar dat skuld nie goed is nie.

c. Stem saam dat iets gedoen moet word oor die opgehoopte skuld.

d. Moenie wanbetaal wanneer u u skuld begin betaal nie.

e. Moenie u skuld vereffen deur nuwe skuld te maak nie.

f. Ontsê uself sekere dinge ten einde uit die skuld te kom.

g. Moenie weg hardloop vir skuldeiesers nie.

h. Kry 'n visie van 'n skuldvrye lewe.

i. Bid vir die wilskrag om deur te druk met u planne om uit die skuld te kom.

Ek smeek elke leser van hierdie boek en alle rentmeesterskapopvoeders om God se volk bewus te maak dat skuld sleg is omdat dit die een kan oorleef wat dit verkry het.[5]

Skuld behoort 'n rooi oortredingskaartjie te ontvang deur alle sending-gerigte mense van God.

---

1. Howard Dayton, Howard Dayton, *Free and Clear: God’s Road Map To Debt-Free Living,* 60.
2. Pardon Mwansa, *Personal Finance*, p. 100.
3. Psalm 37:25, Afrikaanse Bybel 1933/53 Vertaling
4. Psalm 37:25, Good News Translation - vry vertaal.
5. Pardon Mwansa, Personal Finance, p. 233.

# RENTMEESTERSKAP VAN WIE ONS IS

As Sewendedag-Adventiste moet ons die bevoorregte posisie waarin God ons geplaas het, verstaan. Die Sewendedag-Adventistekerk is verskillend van ander denominasies. Indien hierdie kerk soos enige ander kerk was, waarom het ons dan so 'n kragtige evangelistiese uitreiking wat alle tipe mense roep om te kom en daarby aan te sluit? Waarom nie slegs vir hulle preek en hulle in hulle kerke los nie? Waarom noem ons onsself die oorblyfselkerk indien niks ons skei van die res nie? Ons is 'n unieke kerk aan wie 'n spesiale boodskap vir hierdie wêreld opgedra is.

Hierdie kerk verskil van ander kerke op 'n aantal maniere. Die volgende is slegs sommige van die dinge wat ons verskillend maak van die res:

1. ONS HET WAT BAIE ANDER NIE HET NIE

Slegs die Sewendedag-Adventistekerk leer die waarheid oor Christus se bediening in die hemelse heiligdom met sy bykomende werklikheid van die ondersoekende pre-Advent Oordeel. Ons het hierdie waarheid sowel as andere wat alleenlik deur hierdie kerk duidelik uitgespreek word. In kommentaar oor die bevoorregte posisie van die kerk, skryf Ellen G. White:

Die kerk is die bewaarplek van die rykdom van die genade van Christus; en deur die kerk sal die laaste en volle bewyse van die liefde van God uiteindelik aan selfs "die owerhede en magte in die hemele" (Efesiërs 3:10) geopenbaar word.[1]

God het 'n rekening met die kerk waarin Hy Sy waarheid gedeponeer het. Hierdie waarheid kan slegs hier onttrek word. Indien die Sewendedag-Adventistekerk sou nalaat om met die wêreld te deel wat God daaraan gegee het, sal die bloed van diegene wat gered kon word, van dit geëis word. Die vreugde wat ons het om aan God se eind-tyd kerk te behoort, kom met 'n ernstige verantwoordelikheid wat ons verstandig behoort te maak. Dit is egter nie slegs die waarheid wat ons het nie.

2. ONS VERSTAAN DIE BYBEL MET 'N DUIDELIKHEID WAT BAIE SOEKERS BEGEER

Hierdie moet nie as godsdienstige dwepery of trots geneem word nie, maar as 'n feit van die lewe. Watter denominasie verstaan die Bybel so uniek soos Sewendedag-Adventiste? Hierdie ingeligte begrip van die Bybel behoort ons dankbaar te maak teenoor God omdat daarsonder, ons nie sou wees wie ons is nie. Dit beteken ook dat ons die waarheid verskuldig is aan diegene wat nie ons Bybelse begrip deel nie. As individue en as 'n kerk, moet ons alles moontlik doen om andere te help om die Bybel in sy magtige eenvoud te verstaan.

3. ONS HET 'N UNIEKE BYBEL-GEBASEERDE VERTOLKING VAN PROFESIE

Dit is nie 'n oordrywing om te sê dat as 'n kerk ons 'n meer redelike interpretasie van profesie het as baie indien nie die meeste ander Bybelstudente op Planeet Aarde nie. Die beginsel om die Bybel te gebruik om ditself te interpreteer (Jesaja 28:10), saam met die beklemtoning op die gawe van profesie soos gesien in die skrywes van E.G. White, het hierdie beweging sy kosbare begrip gegee van profesie. Terwyl andere net skrikaanjaende diere in die boeke van Daniël en Openbaring sien, sien Adventiste die opkoms en val van koninkryke, wat die geloofwaardigheid van Bybelprofesie bewys.

## 4. ONS WEET MEER AS ANDERE

Liewe Leser, watter kerk op hierdie planeet was 'n blik op die hemel en lewe op die nuwe aarde gegee, soos die Sewendedag-Adventistekerk? Die skrywes van Ellen G. White het ons gehelp om meer te weet as die gemiddelde Christen. God het hierdie belegging in die kerk gemaak vir 'n rede. Daar is impikasies vir dit alles.

## 5. WAT IS DIE IMPLIKASIES?

Tensy ons die implikasies van wie ons is en wat God vir ons doen, verstaan en waardeer, sal die kerk faal om op te leef na God se verwagtings. Sommige van die implikasies vir individue en die kerk as 'n liggaam is die volgende:

### a. Elkeen moet sy/haar deel doen

Terwyl ons 'n korporatiewe liggaam as kerk is, behoort elkeen van ons as individue sy of haar deel te doen. Elke individu het 'n verantwoordelikheid om die waarheid wat ons het met iemand te deel. Die werk om vir Christus te getuig, moet nie alleenlik aan die predikante oorgelaat word nie. Elke Sewendedag-Adventis moet in elkeen wat na aan hom/haar is, 'n sendingveld sien. Dit is die rede waarom die kerk Totale Lidmaatskap Betrokkenheid beklemtoon.

### b. Wees getrou aan ons missie deur tiende en offergawes terug te bring

Die taak om die wêreld met die waarheid wat ons koester te bereik, sal nie gedoen word net deur wensdenkery nie. Dit verg inspanning deur die gedrukte bladsy, mediese werk, opvoeding en predikante wat na verre plekke gaan. Vir sodanige pogings om suksesvol te wees, beteken dat middele benodig word. Die vraag is, waar sal die fondse vandaan kom? God se metode om Sy werk te finansier is deur tiende en offergawes. God maak staat op diegene wat Hom ken wat self ontvangers is van wat ander mense gee, om voort te gaan om die

masjien te olie deur tiende en offergawes. Indien daar ooit 'n tyd was wat dit nodig was vir getrouheid in die teruggee van tiende en die gee van milde offergawes, is dit nou.

c. Ons sal aanspreeklik gehou word vir die bestuur van wie ons is en wat ons het

As lidmate van die kerk behoort ons altyd te onthou dat die dag van afrekening kom. Hierdie gedagte, wanneer reg ingeneem word, behoort ons te lei om getroue rentmeesters te wees van wie ons is. Ons sal almal verslag moet doen van wat ons gedoen het met die lig wat ons ontvang het, die hulpbronne wat God aan ons toevertrou het, en die geleenthede wat aan ons gebied word om vir Christus te getuig.

Liewe leser, vra God om u te help om 'n getroue rentmeester te wees van wie u is. Onthou dat elke dag wat aan ons gegee word, 'n wedloop teen tyd is. Laat elkeen van ons sy of haar deel doen deur die kerk te versterk met hulpbronne om sy Godgewe mandaat te vervul.

---

1. Ellen G. White, *Handelinge van die Apostels, 11*.

## HOE OM U PROMOSIES DOELTREFFEND TE MAAK

Vir promosies en preekafsprake om voordelig te wees, moet 'n persoon die reg verdien om te praat en na geluister te word. Om iets te promoveer wat mense nie geniet om na te luister nie vereis ernstige voorbereiding. Die volgende lys, hoewel nie volledig nie, sal bydra tot u doeltreffendheid:

1. BID VOORDAT EN TERWYL U PROMOSIE DOEN

'n Promotor ervaar alle ongelykhede omdat die sukses van God se koninkryk hier op aarde in 'n mate afhang van hoe getrou Sy rentmeesters is. Die gebed behoort te wees om God te vra om in mense se harte dit te doen wat u nie op u eie kan doen nie. Enigeen kan praat, maar dit vereis die Heilige Gees se intreding vir mense om oortuig te word.

2. GLO WAT U LEER

Dit is maklik om 'n punt te maak wat 'n persoon nie glo nie. 'n Persoon wat praat oor wat hy of sy nie glo nie, het in die eerste plek geen reg om te praat nie. Om iets te sê wat u nie glo nie, is 'n sekere manier om ondoeltreffend te wees.

3. LEEF WAT U LEER

Die Heilige Gees se werk word moeiliker gemaak wanneer ons leer wat ons nie leef nie. Rentmeesterskap leer ons om "te leef wat ons praat". Die Here sal ons pogings seën wanneer ons doen wat ons sê. Meer dikwels doen mense die promosies omdat hulle pligsgebonde is. Vir promosies om doeltreffend te wees, behoort hulle verder as plig te gaan.

4. GLO DAT RESULTATE SAL VOLG (Jesaja 55:11)

U mag dalk nie 'n 100 persent reaksie hê nie, maar u werk sal nie tevergeefs wees nie. Indien God se woorde nie daarin slaag om resultate te lewer nie, is die mislukking nie ons s'n nie, die hoorders het die vryheid van keuse. Die belofte hierbo sal egter nooit faal nie.

5. WEES LIEF VIR WAT U DOEN

Promosies behoort geniet te word. Indien 'n persoon nie plesier vind in wat hy of sy doen nie, dan is plig die rede vir elke aksie. In rentmeesterskap, net soos ander fasette van die lewe, behoort plig alleen nie die motivering te wees vir wat ons doen nie. Wanneer u lief is vir wat u doen, sal u in u werk en die mense wat u bedien, belê.

6. WEES LIEF VIR DIE MENSE WAT U BEDIEN (2 Korinthiërs 5:14)

Indien ingang na die koninkryk van God gebaseer was op slegs hoe getrou 'n persoon is in die teruggee van tiende en offergawes, sou rentmeesterskapleiers diegene "wat nie die koninkryk van die hemel sal beërwe nie" geken het. Dank God dit is nie so nie, maar die gebrek aan getrouheid mag bewys wees van kwessies in die hart wat ons net sowel uit die hemel kan uitsluit. 'n Liefde vir siele moet ons dus motiveer.

Soos wat u die boeke deur die gesag van die kerk deurgaan en ontdek dat sommige name nie daar is nie, behoort liefde vir hulle u te motiveer om hulle te help.

Ons behoort nie aangedryf te word deur die begeerte om ons doel te bereik eerder as deur liefde vir mense en 'n begeerte om hulle gered te sien in die koninkryk. God het mense se verlossing in ons hande geplaas en ons behoort Hom nooit in die steek te laat nie. Soos wat ons rentmeesterskap leer en promoveer, behoort ons te onthou dat

Jesus vir mense gesterf het en nie vir geld nie, daarom die oproep om diegene lief te hê vir wie ons bedien en nie wat hulle het nie.

## 7. GEBRUIK CHRISTUS SE METODES[1]

Ons Here het met mense gemeng.

Hy het met hulle gesimpatiseer.

Hy het in hulle behoeftes voorsien.

Hy het hulle vertroue gewen.

Dan het Hy hulle uitgenooi, volg My.

Indien ons promosies mense moet bereik, behoort ons met hulle te meng soos iemand wat hulle welstand verlang en NIE hulle geld nie. Laat ons met hulle toestand van ontrouheid simpatiseer en dan in hulle behoeftes voorsien. Ons bedien hulle behoeftes deur vir hulle te bid, hulle aan te moedig om getrou te wees in die teruggee van tiende en gee van offergawes, besoek hulle, leer hulle, ens. Wanneer dit gedoen is, is hulle vertroue gewen en wanneer ons hulle vra om ons te volg deur nee te sê vir enigiets wat God se tempel onrein maak en ja vir tiendebetaling, sal hulle dit sonder aarseling doen.

---

1. Die Helende Hand, 126

# KENMERKE VAN 'N RENTMEESTERSKAP-BEWUSTE KERK

Tensy kerke doelbewus rentmeesterskapbewus word, sal lidmate nie getrou wees in die finansiering van die evangelie-opdrag nie. Tiende en offergawes is nodig waarskynlik meer as ooit vantevore omdat die kerk 'n wedloop teen tyd voer. Die einde van die wêreld is vinnig oppad en nog baie moet gedoen word om die wêreld te bereik met die boodskap van verlossing. Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n meetstok te voorsien waarmee elke plaaslike kerk ditself kan meet. Wat is die kenmerke van 'n rentmeesterskap-bewuste kerk? Die volgende is sommige kenmerke.

1. LIEF VIR DIE LIDMATE (2 Kor 5:14)

Die kerk sal sy liefde vir mense demonstreer deur die tussenkoms wat in plek gestel is om hulle te help om getrou te wees in tiende en offergawes sodat die evangelie oral uitgebrei kan word. Dit is liefde wat Jesus die hemel laat verlaat het en na die aarde laat kom het om ons te red.

2. PLIGSGEBONDE OM LIDMATE TE LEER OM GETROUE RENTMEESTERS TE WEES

Die leiers van die kerk behoort nie mense die skuld te gee omdat hulle nie tiende teruggee en offergawes gee nie totdat hulle hulle deel gedoen het om hulle te leer om getrou te wees nie. "Dit is die plig van die ouderlinge en ander kerklike ampsdraers om mense in hierdie belangrike saak te onderrig, en dinge reg te stel."[1] 'n Kerk wat rentmeesterskap sien as 'n barometer vir geestelikheid, sal sy lidmate help om getrou te wees. Ouderlinge word verkies om geeste-

like beskermers te wees van die lidmate en moet alles doen wat hulle kan om lidmate te help om getrou te wees op hierdie gebied.

## 3. DIT IS BEWUS DAT ONTROUHEID MENSE WEGDRYF VAN GOD

Ontrouheid in tiende en offergawes het ernstige gevolge wat dikwels oorgesien en onbeduidend gemaak word. Die Here se boodskapper het geskryf:

Ek het baie gesien wat bely om die gebooie van God te hou ... God beroof in tiendes en offergawes. Hulle huigel en weerhou dit van Hom tot hulle eie nadeel. Hulle bring onvrugbaarheid en armoede op hulleself en duisternis op die kerk as gevolg van hulle inhaligheid, hulle huigelagtigheid en hulle rowery.[2]

## 4. DIE KERK HET STATISTIEKE BYDERHAND

'n Rentmeesterskap-bewuste kerk het al die statistieke byderhand wat dit nodig het. Die volgende is inligting wat hulle byderhand behoort te hê:

a. Lidmaatskap

b. Name van aktiewe en onaktiewe lidmate

c. Beroep van elke lidmaat

d. Ouderdom en geslag van gewers

e. Gereelde en ongereelde gewers

Hoe sal die kerk in staat wees om sy lidmate te help wanneer dit nie toepaslike statistieke byderhand het nie? Dit is slegs wanneer die kerk akkurate data het wat dit die lidmate kan help.

## 5. DIT STEL BELANG IN DIE GEESTELIKE GROEI VAN LIDMATE

Rentmeesterskap floreer nie in 'n lugleegte nie. Rentmeesterskap floreer in 'n geestelike omgewing. 'n Kerk wat wil sien dat lidmate getrou is in hulle rentmeesterskap verpligtinge behoort die geestelike groei van lidmate te promoveer deur:

a. Lidmate aan te moedig om die Bybel daagliks te lees.

b. Lidmate aan te moedig om ten minste eenkeer per dag gesingsgodsdiens te hou.

c. Lidmate aan te moedig om Bybelstudiehulpe te koop en die Bybel te bestudeer.

d. Lidmate aan te moedig deur Bybelstudies aan andere te gee.

e. Lidmate aan te moedig om betrokke te wees om vir Christus te getuig.

Die geestelikheid van die kerk is losstaande van hoe lidmate op rentmeesterskap reageer. Rentmeesterskap en geestelikheid is egter onafskeibaar. Ellen G. White sê:

Die geestelike welstand en vooruitgang van die kerk hang in 'n groot mate af van haar stelselmatige welwillendheid. Dit is soos die lewensbloed wat deur die hele wese moet vloei, om elke lid van die liggaam te verlewendig.[3]

## 6. DIT WEET WAAR LIDMATE WOON

Die leierskap van 'n rentmeesterskap-bewuste kerk, besoek lidmate op 'n gereelde grondslag. Dit maak nie saak van die tyd nie, besoek word aan lidmate gedoen. Dit is 'n Christelike plig van leiers om diegene te besoek wat hulle lei. Leiers wat omgee vir die welstand van hulle lidmate sal dit toon deur besoek en nie slegs deur om op Sabbat met hulle te glimlag nie.

## 7. LEIERS LEI DEUR VOORBEELD

Tensy leiers deur voorbeeld lei, sal dit 'n groot werk vir hulle wees om hulle lidmate tot getrouheid aan te moedig. Die volgende leiergroepe lei deur voorbeeld in tiende en offergawes:

a. Ouderlinge

b. Kerkraadslede

c. Almal wat kerkampte beklee

Alhoewel lidmate kan uitstyg bo die vlak van hulle leiers in getrouheid, behoort dit onder normale omstandighede andersom te wees. Leiers moet die weg aandui en hulle moet saam met Paulus sê, "Wees my navolgers soos ek dit ook van Christus is."[4]

## 8. DIT NEEM RENTMEESTERSKAP NA DIE MENSE

Rentmeesterskapopvoeding behoort geneem te word na waar mense is. Daardie geleenthede wanneer mense saamkom, behoort gebruik te word om rentmeesterskapbeginsels te versprei. 'n Rentmeesterskap-bewuste kerk sal ywerig wees om die volgende vir hierdie doel te gebruik :

a. Departementele vergaderings

b. Sosiale byeenkomste

c. Klubvergaderings

d. Erediens. Dit is die tyd wanneer ons kerke vol is en daarom sal 'n rentmeesterskap-bewuste kerk hierdie uur tot sy maksimum gebruik om mense met rentmeesterskapbeginsels te bereik.

## 9. DIT MOEDIG MENSE AAN OM DIE GERIEFLIKSTE METODE TE BENUT OM TE GEE

Vir 'n lang tyd nou, was klem geplaas op die gee van geld asof God ons nie aanspreeklik hou vir alles wat Hy aan ons toevertrou het nie. Diegene wat nie geld het nie maar ander dinge mag hê om te gee, voel dikwels verskoon van om te gee aangesien niemand oor daardie ander dinge praat nie. Mense behoort geleer te word om in geldelike terme te gee asook goedere en selfs diens en op tasbare maniere, byvoorbeeld op verhoudingsvlak - om bemoedigende woorde te spreek, mense kerktoe te nooi en 'n vriendelike gees te toon.

## 10. DIT BEKLEMTOON DISSIPLINE IN PERSOONLIKE FINANSIES

Rentmeesterskapopvoeding sal nie suksesvol wees deur ontrouheid in tiende en offergawes aan te spreek sonder om die moeilike onderwerp van dissipline in persoonlike finansies aandag te gee nie. Dit word gedoen deur lidmate te leer om skuld te vermy:

a. Wat gemaak word deur onnodige bank/inrigting lenings.

b. Deur huurkoop of bêre-kopies.

c. Vir nie-noodsaaklike dinge of dinge wat nie benodig word vir lewensonderhoud nie.

Dit leer lidmate ook om binne hulle inkomste te leef en om gewoontes om te spaar te beoefen.

## 11. LEIERS VREES OM ENIGE VAN HULLE LIDMATE TE VERLOOR

Leiers wil Jesus nastreef en saam met Hom sê wanneer hulle ampstermyn verby is dat, “Uit die wat U My gegee het, het Ek niemand verloor nie.”[5] Indien enige lidmaat die hemel nie sou maak as gevolg daarvan dat hulle ontrou in tiende en offergawes was, behoort dit die keuse van sodanige individu te wees en nie as

gevolg van enige mislukking deur leiers nie. Hier is 'n vraag wat ek wil hê dat elke leier moet antwoord. Wat het u gedoen om te verseker dat diegene onder u sorg getroue rentmeesters word ?

---

1. Ellen G. White, *Raad oor Rentmeesterskap*, 106.
2. ________, *Testimonies for the Church* ,vol. 3, 289.
3. _______, *Testimonies for the Church*, vol. 3, 405.
4. 1 Korinthiërs 11:1
5. Johannes 18:9

# DIE RENTMEESTERSKAPSEKRETARIS

Die sukses van enigiets hang tot 'n groot mate af van hoe entoesiasties die leier is oor die produk of diens wat aangebied word. Wanneer 'n leier deur stem en aksie wys dat die produk of diens wat aangebied word nie vergelyk kan word met enige op die mark nie, sal mense dit koop selfs al mag dit nie waar wees nie. Op dieselfde manier, tensy die rentmeesterskapleier by 'n plaaslike kerk die gewigtigheid van sy of haar werk vir die verlossing van lidmate en die verspreiding van die evangelie, waardeer, sal niks bereik word nie.

Die volgende is sommige van die dinge waarvan u bewus behoort te wees as 'n plaaslike rentmeesterskapleier.

1. BRING USELF OP HOOGTE MET ALLES WAT DIE KERKHANDLEIDING SÊ OOR U DEPARTEMENT.

2. DOEN DIT WAT DIE KERKHANDLEIDING SÊ U BEHOORT TE DOEN.

3. WEES LIEF VIR DIE MENSE WAT U BEDIEN (2 Korinthiërs 5:14).

Waar daar liefde is, is daar geen oorweging van die koste betrokke nie. Inderdaad, hoe liewer u iets het, hoe waardevoller sal dit in u opinie wees. Wanneer liefde die oorkoepelende beginsel is, werk u nie die opoffering wat betrokke is uit om u doel te bereik nie. U sal nie teruggehou word deur die struikelblokke om u taak te vervul nie. In plaas daarvan dat dit u teneergedruk maak, mag die hindernisse die nodige vasberadenheid voorsien om die doel te bereik.

As 'n rentmeesterskapleier behoort u die mense wie u gekies het, genoeg lief te hê om die volgende te doen:

a. Neem tyd om vir die lidmate van u kerk te bid.

b. Besoek hulle so dikwels as wat u kan.

c. Onderrig met passie asof dit die laaste studie is waarna hulle ooit gaan luister.

d. Gaan uit u pad om individue te help om hulle verantwoordelikheid te verstaan.

Moenie liefhê wat mense gee nie maar wees lief vir die mense. Die verterende belangstelling van die rentmeesterskapleier is nie geld nie, selfs alhoewel geld sy plek het. Jesus het nie gesterf vir die geld nie maar vir die mense. Hy het nie die hemel verlaat vir die dollar, pond, rand, of kwacha nie, maar vir mense wat in Sy beeld geskape is.

4. BESIT 'N DROOM VIR U KERK

Droom van die kerk wat u wil hê dat u gemeente moet wees sover as wat dit rentmeesterskap betref. Wat is u droom vir die kerk in die areas hieronder?

a. Aantal mense wat deelneem om te gee.

b. Aantal mense wie stelselmatig tiende en offergawes terugbring.

c. Die plaaslike begroting.

5. MOENIE TE VEEL STAAT MAAK OP DIE RENTMEESTERSKAP KOMITEE/RAAD NIE.

Terwyl die Komitee of Raad daar is om te beplan en die departement, raad te gee, is u die visiedraer. Indien niks in u

departement gebeur nie, sal u aanspreeklik gehou word. Indien u komitee- of raadslede nie tyd het om te besoek nie, doen dit alleen indien nodig.

## 6. DIE VERLOSSING VAN U LIDMATE IS OP DIE SPEL

Rentmeesterskap gaan nie slegs oor mense wat tiende teruggee en milde offergawes gee nie. Onthou altyd dat rentmeesterskap gaan oor of mense die koninkryk van die hemel sal beërf of nie. Dit gaan oor om mense voor te berei om daardie hartlike woorde te hoor, "Mooi so, getroue dienskneg…" Dit is waarom u klem nie moet wees oor hoeveel gegee is nie, maar die getrouheid van die gewers.

## 7. LEER OM DIE HART TE BEREIK NIE DIE VERSTAND NIE

Ek dink somtyds dat iets nie reg is met die manier wat ons leer nie. Dit lyk vir my dat meer dikwels ons onderrig die verstand bereik maar nie die die hart nie. Vir my is dit die rede waarom mense met 'n korrekte begrip van leerstellings die verkeerde dinge doen. Die lering wat die hart bereik, word deur die Heilige Gees gelei. Rentmeesterskapleiers behoort daarom altyd hulleself beskikbaar te stel om deur die Heilige Gees gebruik te word sodat die opvoeding wat voorsien word doeltreffend kan wees.

## 8. WEES MISSIE-GEORIËNTEERD

As 'n rentmeesterskapleier, wees missie-georiënteerd. Die kerk behoort altyd herinner te word dat die wêreld ons sendingveld is. Sodra die kerk konsentreer op sy behoeftes maar die wêreldveld minag, is die missie verlore. Daar behoort altyd na balans gesoek te word. Die werk sal nie klaar kom voordat dit nie orals klaar is nie.

## 9. WEES 'N INVOERDER VAN NUWIGHEDE

Omdat ons menslik is en met verskeie sintuie toegerus is, sal ons natuurlik met tye weerstand bied teen een manier om rentmeesterskap aan te bied. Een of ander tyd geniet elkeen verskeidenheid. Vra God om u nuwe maniere te gee om mense te bereik met die waarheid van rentmeesterskakp.

## 10. GEE PERIODIEKE TERUGVOERING

Dit is belangrik om lidmate ingelig te hou oor alle aspekte van kerklewe. Indien daar 'n plek is wat altyd in die lig behoort te wees, is dit finansies. Op geen tyd behoort mense in die donker gehou te word rakende finansiële kwessies van hulle plaaslike kerk nie. Wanneer hulle die regte inligting gegee word, maak hulle regte besluite.



ISBN 978-0-620-84709-4